
SOUTH AFRICAN
REFERENCE
LIBRARY
INSTITUTE OF RACE RELATIONS

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 11 — NR. 1
MAART 1968



# DIE OES

# LEKTUUR

1. Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk 30c per jaar
2.a. Rugama in Tswana en Sotho 30c per jaar
 b. Rugama in Zoeloe en Xhosa 30c per jaar
3. Murumiwa in Venda en Tsonga 30c per jaar
4. Die Oes 50c per jaar
 Tumelo ea Bakreste. (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis 10c elk
5. Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
6. Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho 1c elk
7. Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho 2c elk
8. Heidelbergse Kategismus in Tswana 10c elk
9. Heidelbergse Kategismus in Venda 10c elk
10. Heidelbergse Kategismus in Sotho 10c elk
11. Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda 5c elk
12. Preekbundel in Zoeloe 10c elk
13. Preekbundel in Sotho 10c elk
14. Formuliere in Sotho en Tswana gratis
15. Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng (Godsdiensonderrig op skole) R1.25.

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


In hoeverre is die Bantoe-Christene gekersten ...... 3
Skribaat van die sendingdeputate ...... 11
Sing vir die Here 'n nuwe lied ...... 6
Intellektuele ontwikkeling in Afrika ...... 10
Nuusflitse ...... 4
Boekbespreking ...... 12
Nie-blankes word radiobewus ...... 13
Rooms-Katolisisme in Afrika ...... 14


# DIE OES


**JAARGANG 11 — NR. 1**

**MAART 1968**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending- en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma, ds. P. J. J. S. Enslin en dr. I. J. van der Walt.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn vier maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

# In hoeverre is Bantoe-Christene gekersten

As bewys daarvoor dat die Bantoe-Christene nog nie gekersten sou wees nie, word dikwels aangevoer dat daar nog baie tekens van bygeloof en reste van die heidense godsdiens by hulle is.

Dit laat by sommige selfs twyfel ontstaan of sending nog wel die moeite werd is.

Nou is dit onteenseglik waar dat baie Bantoe-Christene soms ook die toordokters raadpleeg, dat hulle glo dat hulle getoor kan word en dat daar geheimsinnige nie- natuurlike kragte in mense, natuurverskynsels en dinge kan wees wat hulle kwaad kan aandoen of seën laat toekom; daar is baie wat ook nog glo in die voorvaderlike geeste en ook nog vir hulle bid en aan hulle offer.

Dit moet egter gedeeltelik toegeskryf word aan 'n verkeerde soort benadering van dié mense en hulle godsdiens en aan die feit dat godsdiens en die lewe dikwels deur die sendingpraktyk van mekaar geskei word, sodat Christus prakties eintlik nie as Koning op alle lewensgebiede bely en erken word nie. Daarbenewens is daar die voorbeeld van Blankes vir wie godsdiens alleen 'n Sondagsaak of vir die binnekamer is. Vir die Bantoe kan godsdiens en die lewe nie van mekaar geskei word nie, maar omdat dit wel gebeur in die geval van blankes en in die sending en die Bantoe nie sonder bonatuurlike hulp oor die weg kan kom nie, neem hulle in hulle daaglikse lewe met al sy probleme en moeilikhede soms ook hulle toevlug tot magiese middele en hulle voorvaderlike geeste.

Dat dit so is, is aan die ander kant nie so vreemd en ongewoond as wat soms voorgestel word nie, want, soos uit die sendinggeskiedenis blyk, neem dit soms eeue voordat die suurdeeg van die Christendom deurgewerk het.

Daar was bv. ten tye van die Reformasie nog baie bygeloof by duisende sogenoemde Christene en dit nadat hulle lande toe al reeds vir eeue deurgegaan het vir Christelik. Daar is selfs vandag nog spore van hierdie bygelowigheid by Blankes, soos weer onlangs geblyk het uit die skokkende voorbeeld van 'n Afrikaanse leraar waarvan die pers melding gemaak het.

Ten spyte van hierdie reste van die heidendom wil ons tog beweer dat 'n groot deel van diegene onder die Bantoes wat vir Christene deurgaan ook as sodanig beskou moet word, en wel in die eerste plek omdat die evangelie wel daarin 'n geweldige deurbraak behaal het dat, hoewel daar nog aan die bonatuurlike mag van dinge, mense en geeste geglo word, tog aangeneem en geglo word dat Christus se mag al hierdie „magte" ver oortref; dat hoewel hulle magtig is, God almagtig is en hulle niks sonder Hom en teen sy wil kan doen nie.

In die tweede plek is daar die belangrike feit waarop dr. G. C. Baeta van Wes-

Afrika wys en wat deur baie ander se ondervinding bevestig is. Dr. Baeta sê daaroor die volgende: „Ek betwyfel die waarheid van die byna algemeen gehuldigde opvatting dat die Christendom nie baie diep wortels in Wes-Afrika geskiet het nie. Keer op keer, veral met my kontakte met groepe van Christene, soos plaaslike gemeentes of kerklike konferensies en sinodes was ek verbaas om op te merk hoe persone wat met groot beslistheid 'n rigting ingeslaan het waarlangs hulle enige voordeel wou behaal, net so van sienswyse verander het wanneer aan hulle bewys is dat dit teen die Skrif is; hulle lê hulle dan daarby neer, sien af van hulle ambisie in antwoord op die Christelike beroep op hulle, selfs waar dit teen hulle belange ingaan. Dit wil voorkom of op 'n punt iets diep in hulle die beroep erken en in gehoorsaamheid beantwoord. Ek glo dat ons moet oppas om ongemotiveerde negatiewe oordele te vel waar die Heilige Gees aan die werk is."

Ook het dit ons opgeval dat Bantoe-Christene nie alleen in dergelike sake nie maar ook in dogmatiese en kerkregtelike aangeleenthede hulle neerlê by die Skrif. Hulle wil graag weet wat die Skrif sê en sal hulle daarby neerlê as hulle oortuig kan word dat dit teen hulle eie beskouing ingaan. Aan die anderkant sal niemand of niks hulle van sienswyse laat verander nie as hulle oortuig is dat hulle goeie Skrifgronde daarvoor het.

Hier het veral die Geref. sending, wat so Skrifgebonde wil wees, 'n pragtige aansluiting en hierin lê die hoop op 'n Skrifmatige opbouing van 'n Christelike Bantoelewe.

H. d. P.

# NUUSFLITSE

★ Die Klassis Itheku (Natal) het gevra dat die Sinode Middelande met 'n jaar vervroeg sal word.

★ Die vergadering sou eers aanstaande jaar gehou gewees het. Die vervroeging van die Sinode staan onder meer in verband met die toelating van 'n predikant wat uit 'n ander kerkverband kom en nou reeds 'n geruime tyd onderrig ontvang. Die predikant kom van die Ciskei waar hy met 'n groot aantal van sy kerkgenote wil oorkom na die Gereformeerde Kerk..

★ Die nie-blanke kerk, Hartswater (Majakgôrô) het hulle nuwe kerkgebou in gebruik geneem. Prof D. C. S. van der Merwe het die feesrede by die geleentheid gehou. Ds. Daniël Mahole van Sannieshof het by die geleentheid namens Klassis Ditšobotla/Lichtenburg opgetree.

★ Volgens die jongste Almanak vir die Nie-Blanke Kerk het die lidmate nou gestyg tot drie en twintig duisend doop- en belydende lidmate. Die 74 gemeentes word deur 36 predikante bedien.

★ 'n Vertaling is in Suid-Sotho gemaak van die boek vir die Ouderlinge en Diakens. Daar word aan 'n Zoeloe-vertaling gewerk. Die boek is opgestel deur ds. J. H. van der Walt.

★ Ds. W. Mogashoa is op Odendaalsrus bevestig.

★ Die Sendingwerk in die distrik van King Williams Town het reeds so ver gevorder dat daar eersdaags oorgegaan sal word tot die stigting van die eerste gemeente. Dit sal die tweede Xhosa gemeente wees. Die Blanke Klassis het reeds 'n aansienlike bedrag beskikbaar gestel vir die bou van 'n kerk.

★ Sending word in Moroka, Tladi en die spoorwegkampong van Prospect deur die Kerkraad van Johannesburg-Noord gedoen. Tshiawelo is 'n wyk van Moroka en dit word beoog om dit af te stig tot 'n selfstandige gemeente. Die afstand tussen die twee gebiede bemoeilik bearbeiding.

★ Die Klassis Tlokwe (Potchefstroom) het onder meer die emeritering van ds. B. Dingaka goedgekeur. Ds. Dingaka is reeds 85 jaar oud en sy gesondheid swak. Die Klassis het ook die diakens geadviseer om konferensies te hou om sodoende meer van hulle amp te leer.

★ Heidelberg het toestemming ontvang om 'n nuwe gemeente te stig. Daar was reeds meer as tweehonderd doop- en belydende lidmate.

★ In Sibasa, Noord-Transvaal is 'n werkskonferensie gehou waar 'n aantal Vendas, Tsongas en Zoeloes opgelei is in die teorie, waardering en uitbou van die tradisionele Bantoemusiek. Die doel van die konferensie is veral om die Bantoe te help om Psalms en Skrifgedeeltes in hulle eie idioom te berym. Wanneer dit 'n bevredigende peil van ontwikkeling bereik, sal dit dan in die kerksang ingevoer word. Vyf en twintig waarvan dertien Psalms is op die saamtrek gemaak en die meeste hiervan is getoonset op tradisionele Bantoemelodieë. Daar word beplan om 'n dergelyke konferensie te reël om die werk voort te sit en die komposisies wat intussen gedoen is, met mekaar te bespreek.

★ Onderhandelinge word deur die kerkraad van gemeente Temba by Hammanskraal gevoer om 'n weeshuis vir Nie-Blankes op te rig. Die geboue van die Skool vir Blindes is aan die gemeente Temba geskenk vir die doel.

★ In New Temba is aansienlike uitbreiding. Ds. E. J. Motau arbei reeds tien jaar in die gebied. Hy word bygestaan deur twee helpers.

★ 'n Nuwe Kerkgebou is op Mareetsane opgerig. Mareetsane is 'n wyk van Sannieshof gemeente. Die gemeente is reeds 'n geruime tyd vakant en het nou ds. T. W. Musandiwa beroep.

★ Op Mawube, Rhodesië is onlangs 'n kerkgebou opgerig. Op Karoi werk drie helpers.

★ Die Klassis Moroka het besluit om weer die aandag van die Kerkrade daarop te vestig dat jeugkommissies benoem moet word om spesiale aandag aan die Kerklike jeug te skenk en so te verhoed dat hulle kerklos raak.

H. B. van der Walt.

# „SING VIR DIE HERE 'N NUWE LIED"

deur ds. J. A. van Rooy

**„As daar geen gerug oor jou rondgaan nie, is daar ook niemand wat jou bekendstel nie."**

Hierdie Venda-spreekwoord („U shaya phungo ndi u shaya muisedzi") het Alex Mbuwe gebruik as inleiding tot sy toespraak op Woensdagaand 24 Januarie 1968, toe die musiek-werkskonferensie na twee weke afgesluit is met 'n konsert om die „nuwe lied" voor die belangstellende Vhavenda te sing.

„Daar sal wel mense wees wat dink ons wil terugkeer na die heidendom," het Mbuwe voortgegaan. „Daar is diegene wat sê, ons moet net soos die Blankes sing; dit is die enigste Christelike manier van sing. Maar sê my, het Dawid net soos die Blankes van vandag gesing? Die Here het aan ons vaders 'n skat van eie musiek geskenk, en ons moet daardie erfenis gebruik in diens van sy koninkryk om Hom daarmee te loof."

Toe het die koor begin sing — die lof- en smeeksange van Dawid en die saligsprekinge van die Here Jesus, vir die eerste maal in die eie idioom van die Venda en Tsonga: Psalm 5: „Luister na my hulpgegroep, o HERE", of Ps. 19: „Die hemele verkondig die eer van God", in die snelvloeiende stroom van die Vendamusiek. Of, in Tsonga (Shangaan): „Vakateki i vamani?" (Wie is die saliges?) van die sangleier, waarop die koor tweestemmig antwoord, „Ku katekile, ku kateke swo swisiwana!" (Salig, gelukkig, ja gelukkig is die armes), op die meeslepende melodie van 'n tradisionele Tsongalied.

En dan eindelik weerklink op die langsame, swaar, weerkerende basrefrein van die Zoeloelied die gelykenis van die vyeboom in die wingerd, „Laat hom uitgekap en weggeneem word", wat met die voortgang van die gesang verander na „Laat hom, laat my, nie uitgekap en weggewerp word nie! O Here, wees die boom genadig; vergewe my my sonde en laat my op die regte tyd tot bekering kom."

**Moet daar 'n nuwe lied wees?**

Die koorlede was die „komponiste" self, wat die vorige twee weke daagliks met komposisie- of adaptasiewerk besig was. Daar is ook enkele nuwe melodieë gebore, maar dié was, met uitsondering van die Zoeloe, nie van die musikale gehalte van die berymings wat op tradisionele molodieë gedoen is nie.

Die reaksie van die gehoor was gemengd. Sommige was geskok: Ons wil die blanke beskawing ons eie maak. Ons eie beskawing is minderwaardig; ook ons eie lied. Om daarheen terug te keer, is agteruitgang.

Andere het gesê: Hierdie ontwikkeling lyk vir ons reg, maar julle moet nie melodieë neem van liedere wat nog vir ons bekend is nie. Dit klink vreemd. Maak nuwe

komposisies in hierdie selfde styl, dan sal dit goed wees.

Die deelnemers was vol geesdrif, en het geantwoord dat 'n mens eers moet kruip en dan loop. Daar is nog 'n lang pad voor voordat ons ons ideaal bereik het, en wees intussen asb. nie te skerp in u kritiek nie.

**Hoe dit begin het.**

Sedert skrywer hiervan vir die eerste maal na Vendaland gekom het, het dit hom opgeval hoe dooierig en ongeïnspireerd die Vhavenda die bestaande gesange met hulle Europese melodieë sing. Hulle is tog 'n begaafde, musikale volk, in wie se lewe musiek altyd 'n heel belangrike rol gespeel het. Wanneer ek hulle soms hulle eie musiek hoor sing het, het dit my opgeval hoe hartlik en spontaan dit gekom het.

„Behoort hierdie kuns nie ook aan Christus nie?" het ek myself afgevra. „Kan dit nie ook aan Hom diensbaar gemaak word nie?"

Intussen het dit bekend geword dat bv. in Nigerië by die Gereformeerde Kerk onder die Tiv, 'n jong en lewenskragtige kerk, die gemeentelede voor die dienste in die kerke hulle kerksang improviseer, en so 'n ryk Skriftuurlike kerklied opbou. Ook in Rhodesië en Malawi is daar pionierswerk gedoen op die gebied van kerkmusiek in die Bantoe-idioom, en dit het goed ingang gevind by die kerke. Musiek van hoogstaande kunsgehalte is gekomponeer.

Die Deputate vir Sending- en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was gretig om ook die Psalms in Bantoetale berym te kry, en het besluit om die moontlikheid te oorweeg om van die Bantoelidmate te laat oplei in die teorie en beoefening van Bantoe-kerkmusiek, met die oog daarop dat hulle dan self die Psalms en ander Skrifgedeeltes kan berym vir gebruik in die kerksang.

Kort daarna het die Sinode van Soutpansberg,wat hoofsaaklik uit Venda- en Tsongasprekende Christene bestaan, besluit om skrywer hiervan opdrag te gee om die werkskonferensie te probeer reël waaroor hierdie artikel nou handel.

**Wat is Bantoemusiek?**

Die redelike vraag sal seker by die leser opkom: Hoe verskil Bantoemusiek nou eintlik van Europese musiek? Daar is verskeie diepgaande verskille.

1. Melodie: By Bantoemusiek word die melodie mede bepaal deur die taal self Daar moet in die melodie rekening gehou word met die intonasie van die taal self, wat immers ook „gesing" word. In die Bantoetale het 'n mens, om die woorde van Prof. Jacques Malan, 'n deskundige op die gebied van die Calvinistiese kerkmusiek, te gebruik, „die volmaakte sintese van spraak en sang". Dit is dus baie moeilik om liedere in Bantoetale in die patroon van 'n vaste, Europese melodie in te forseer, sonder om 'n minderwaardige produk as resultaat te kry. In die komposisies en adaptasies wat by die werkskonferensies gemaak is, het dit ook geblyk dat daar by die opeenvolgende verse variasies in die basiese melodie gemaak is om by die „melodie" van die taal aan te pas. In die refrein van die Zoeloe-Skrifberyming oor die vyeboom in die wingerd is die melodie bv. as volg:

ma wun qun ywe us us we
d d m m r d d
(laat hom uitgekap en weggewerp word)

In die laaste twee verse verander dit na:

ngi nga nqun ywa ngis usw e
m d m m r d d
(laat my nie uitgekap en weggewerp word nie).

As die melodie egter dieselfde sou bly as by die vorige verse, en die eerste lettergreep nie nou twee tone hoër gesing sou word nie, sou die betekenis van die woorde verander na: ek mag uitgekap en weggewerp word.

2. Harmonie: Dit is by die Europese harmonie normaal dat die basnote bv. styg terwyl die hoër note daal. Die hoër en laer note wat die harmonie vorm, styg en daal nie saam nie. By Bantoemusiek is daar 'n sterk neiging na parallelle beweging, dws. die verskillende dele styg en daal saam, omdat al die dele met die intonasie van die taal self rekening moet hou. In Europese musiek vorm gewoonlik net die hoogste note die melodie, terwyl die ander note geheel daaraan ondergeskik is. By die Bantoemusiek aan die anderkant is daar twee of drie selfstandige melodieë naasmekaar, wat saam die harmonie vorm. Soms is die een stem 'n aantal woorde of 'n halwe versreël voor die ander, en dan klink die harmonie soms na Europese harmonie, omdat in daardie geval sommige stemme wel daal terwyl andere styg.

3. Ritme: Die ritme is by Europese musiek uiters eenvoudig — vergeleke met die ritme van Bantoemusiek klink dit selfs naïef-eenvoudig, soos dit in reëlmatige twee-, drie- of viermaat of onderdele daarvan ingedeel is. By die Bantoemusiek bestaan die ritme uit 'n aantal snelle polsslae, waarvan sommige met 'n maatslag saamval en ander nie. 'n Mens kan dit as volg voorstel, as die polsslae wat met die maatslag saamval, onderstreep word:

**1** **2** **3** **4** 5 **6** **7** 8 **9** **10** **11** 12

Daarby gebeur dit ook dikwels dat die verskillende dele van die koor in verskillende ritmes sing, sodat 'n indrukwekkende simfonie van ritmes geskep word.

Hierdie eienskap van die Bantoemusiek hang saam met die struktuur van die Bantoetale. In die Europese tale is daar duidelik beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe. Dit is ook die rede waarom metrum so belangrik is in poësie en musiek. Stel u voor dat ons ons bekende gedigte so sou vermink deur die klem as volg te laat val:

die ossé stap aan deúr die stowwe of
Géswindé grijsárt die óp wackré wieckén staech dé dunne 'lucht dóórsnijt . . .

By die Bantoetale is daar nie so 'n patroon van reëlmatig opeenvolgende beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe nie, maar dit kan eerder vergelyk word met die gekabbel en gemurmel van 'n stroom van stygende en dalende klank.

Dit blyk dus dat die belangrikste elemente van musiek, tw. melodie, harmonie en ritme, mede deur die struktuur van die taal bepaal word en nie maar willekeurig op enige taal afgedruk kan word nie. By werklik hoogstaande musiek moet hiermee rekening gehou word. En vir die Here is selfs ons beste onwaardig. Sou ons Hom dan maar gerus met derdeklas-

musiek bly afskeep as daar iets beters is wat Hy self aan ons gegee het?

4. Enkele ander eienskappe van Bantoemusiek: Bantoemusiek is oorwegend beurtsang, soos ons ook in die oorpronklike Hebreeuse musiek gekry het, bv. in Psalms 18, 134, 136. Dikwels is daar 'n gedurig wederkerende refrein, wat ons in die Psalmberymings gebruik om die hoofgedagte van die teks in te skerp.

Verder is die begin van 'n lied in die Bantoe-idioom meesal hoog, en dit daal af na die einde van die vers, terwyl Europese musiek meesal laag begin, na die klimaks styg en soms weer aan die einde daal.

Ten slotte is daar by Europese musiek 'n sterk gevoel vir die slottoon (doh), wat by die Bantoemusiek ontbreek. Iemand het Europese musiek vergelyk met 'n geraamde portret, 'n afgeronde geheel met 'n duidelike begin en 'n duidelike einde. Die Bantoemusiek, wat ons reeds met 'n vloeiende stroom vergelyk het, kan ook vergelyk word met 'n rol (tekstiel) materiaal met 'n gedrukte patroon op. Daarvan kan langer of korter stukke afgesny word, maar die patroon bly behoue.

**Die werkskonferensie.**

Ons het reeds meermale van die werkskonferensie melding gemaak. Dit beteken dat 'n aantal begaafde en of belangstellende persone bymekaarkom om lesings en leiding te ontvang oor die onderwerp ter sprake (in hierdie geval Bantoemusiek), maar dat die hoofklem val op die praktiese toepassing van wat daar bespreek en geleer word. Eerw. John Kaemer van die Methodist Church, uit Rhodesië, was so vriendelik om hierdie byeenkoms vir ons te lei. Met sy jarelange ervaring op hierdie gebied kon hy ons veel leer en inspireer. Nadat sekere eienskappe van die Bantoemusiek bespreek en gedemonstreer is, is ons aangesê om te gaan komponeer en berym — verkieslik die Psalm wat die oggend vroeg in die Skrifstudie behandel is. Gedurende die eerste paar dae is die meeste pogings afgekeur, omdat dit te sterk die invloed van Europese musiek gedra het. Die Bantoe is op skool so deur hierdie invloed oorspoel dat hulle eers weer moet leer om in hulle eie idioom tuis te raak. Die gevaar is dan dat 'n mens goedkoop musiek kry — minderwaardige voortbrengsels met die swakhede van beide idiome en sonder die voortreflike van enigeen daarvan. Bv. 'n kombinasie van eenvoudige ritme en eenvoudige melodie.

Dit was opvallend dat ons almal so sterk geneig het na Skrifberyminge, dws. beryming van gedeeltes uit die Psalms en ander Bybelboeke. Daar was ook enkele Lutherane, en die persoon wat die leiding in die musiekonderrig gegee het, was 'n Methodis, en nogtans het almal daarmee saamgestem dat die enigste waarborg wat 'n mens het om kerkmusiek van hoogstaande gehalte te kry, is om direk uit die Skrif te berym.

**Die toekoms.**

Daar sal seker veel huiwering en selfs teenstand van die kant van die Bantoechristene wees, wat die eie idioom tot nogtoe altyd met die heidendom wat agter hulle lê, vereenselwig het. Daarom sal hulle eers uit die kwaliteit van die liedere self oortuig moet word dat dit wel waardig is. Maar ons is oortuig dat ons op die regte pad is.

# *Intellektuele ontwikkeling in Afrika*

Weet ons wel wat in Afrika aangaan? Is ons op hoogte met die ontwikkelende toestande in die nuwe Afrika? Ons vrees dat die meeste van ons weinig belangstel in wat anderkant die Zambezi gebeur. Is ons bewus daarvan dat daar reeds baie ontwikkelde intellektueles in Afrika is wat probeer om oplossings vir Afrika-probleme te vind?

Daar vind gereeld konferensies plaas waarop sulke probleme bespreek word. Ons het seker al almal gehoor van die konferensie te Mindolo in Zambië in 1963. Op hierdie konferensie was daar verteenwoordigers van vyftien lande in Afrika en daar is die volgende onderwerpe bestudeer: lobola, poligamie, Christelike huwelik, gesinsbeplanning, die ongetroude lewe, Christelike dissipline, egskeiding, prostitusie.. Daar was raadgewers teenwoordig: sosioloë, teoloeë, opvoedkundiges, medici.

Persone wat op hierdie konferensie teenwoordig was, het probeer om wat hier aan die hand gedoen is, verder in die praktyk in hulle eie lande te bring. So het die egpaar uit Yavundi (Kameroen) voltyds langer as twee jaar in sake Christelike huis- en familielewe gewerk.

Dit het ingesluit diskussies met jeuggroepe, vrouegroepe, sekondêre skole, teologiese studente en daar is ook huisgesinne wat probleme gehad het, opgesoek. Dit was wat ons kan noem Christelike pastorale werk van gewone lidmate.

Al — Afrika Christelike konferensies het plaasgevind te Ibadan, (1958), Kampala (1963) Enugu (1965) Nairobi (1962). Op al hierdie konferensies is die nadruk gelê op die Christelike roeping in die maatskaplike lewe.

Op die inisiatief van die Al-Afrika- kerklike konferensie is verskillende Afrikakonferensies oor verskeie onderwerpe gehou, soos dié oor stedelike Afrika (Nairobi 1961), Literatuur en massa- kommunikasie (Mindolo 1961), Onderwys (Salisbury 1962), Onafhanklike kerklike bewegings (Mindolo 1963), die Status en verantwoordelikheid van vrouens in Kerk en Maatskappy (Kampala 1963), die Evangelisasie van Wes-Afrika vandag (Yavundi 1965), Bybelse openbaring en Afrika-geloof (nie-blanke teoloë, Ibadan 1966), die Christelike teenwoordigheid in die Universiteit (Accra 1966).

Daarbenewens is en word steeds oral meer plaaslike konferensies gehou, veral oor probleme wat met die verstedeliking van die naturel in verband staan. Daar is ook oral werkgroepe in die lewe geroep wat hulle aandag veral toespits op die probleme wat voortspruit uit die sosiale verandering wat op so 'n vinnige tempo in Afrika plaasvind.

Dit is almal Christelike konferensies waar Christelike oplossings gesoek word.

Daar is ook reeds agt groot interkerklike teologiese skole. Hiervoor en vir ander teologiese skole is ongeveer R135000 van die Theological Education Fund ontvang. Van 1956 tot 1966 is 32 nuwe uni-

versiteitskolleges geopen en daar is reeds 60,000 studente. In die vooruitsig word gestel 300,000 studente voor 1980. Dit hou 'n groot uitdaging aan die Christendom in Afrika in. Aan verskillende van die universiteite is studenteleraars werksaam en daar is ook enkele Christelike universiteite.

Uit hierdie paar grepe is dit duidelik dat Afrika baie vinniger beweeg as wat die meeste van ons vermoed. Hier lê 'n ontsaglike, 'n feitlik onoorsienbare veld braak vir Christelike intellektueles. Sal Afrika daarin kan voorsien? Sal die ontbrekende kragte by die behoudende Christendom buite Afrika verkry kan word? In hoeverre sal ons self hierin behulpsaam kan wees?

H. d. P.

# SKRIBAAT van SENDINGDEPUTATE

Vanaf 1 Maart 1968 is die skribaat van die Deputate vir Sending verdeel. Die doel was om met die ondervinding van die aflope jare die werkswyse aan te pas sodat dit die beste kan funksioneer.

Ds. H. A. Louw, Sendingpredikant te Pretoria het skriba geword van algemene sake.

Dit het geblyk dat daar heelwat deur die voormalige skriba, prof. D. C. S. van der Merwe na Pretoria gereis moes word, onder meer om met sekere staatsdepartemente te onderhandel en dit is daarom so gereël dat ds. Louw die deel van die skribaat behartig.

Die ander deel van die werk sal deur dr. I. J. van der Walt, sending-predikant van Potchefstroom waargeneem word nl. om as skriba vir die kantoor van die Gereformeerde Sinodes Middellande, Soutpansberg en Kleurlinge op te tree.

Dr. van der Walt sal dus alle sake, wat die Nie-blanke Kerke en meerdere vergaderings raak, behartig.

Ds. Louw sowel as dr. van der Walt bly sendelinge in die onderskeie gemeentes en behartig die skribaat op 'n deeltydse basis.

Hierdie reëling het gevolg op die ontslag wat aan prof. D. C. S. van der Merwe toegestaan is nadat hy tien jaar opgetree het as skriba van die Deputate vir Sending.

H. B. v. d. W.

## SENDINGNUUS

**SURINAME:** In Nederland word dikwels gedink dat die Kerk in Suriname, vanweë sy oue en eerbiedwaardige geskiedenis, al 'n groot deel van sy taak volvoer het. Maar wie van naby kennis maak, kom tot die besef dat hierdie Kerk nog maar aan die **begin** van die vervulling van sy taak staan en nog veel behoefte het aan die aandag van sending- en diakonale organe in Nederland.

# 'N SNAAKSE BOEK

**Vusamazulu Gredo Mutwa: „Indaba, my Children", (Blue Crane Books, Johannesburg).**

Hierdie boek is destyds met groot basuingeskal aangekondig as 'n historiese gebeurtenis in die studie van Bantoegeskiedenis en -folklore in Suid-Afrika. Vir die eerste maal sou 'n Bantoe onthullings gedoen het oor die geheime en oorlewering van sy volk. Hy was die „uitgelesene, die ingewyde", Vusamazulu Credo Mutwa, wat sy dure eed aan sy medeuitgelesenes sou verbreek het met die publikasie van hierdie boek waarin hy hierdie diepste geheime van die Zoeloenasie openbaar — dinge wat tot op hede nog slegs aan enkele ingewyde Zoeloes en ander Bantoes bekend was.

Die boek is inderdaad indrukwekkend. Met meesterlike verbeeldingskrag word die „mitologie van die Bantoe" oor die skepping, ontaarding en vernuwing van die mensegeslag en die ontstaan van die Zoeloenasie en hulle verwante geteken. Onsterflike mense, halfgode en gode, godinne met hulle minnaars, kreature wat afstootlik van volmaaktheid is, „viper maidens" en „night howlers" wat versmelt by die geluid van mooi musiek, en Lumukanda, die onsterflike, die geliefde van die godinmoeder van alle mense, die beginsel van die voortgang van die lewe, en sy dogters met hulle Oedipuskompleks vir hulle vader, beweeg in 'n kaleidoskopiese verskeidenheid van insidente en verhale voor die verwonderde oog van die leser verby.

Wanneer 'n mens die boek klaar gelees het, wonder jy wat om te dink. Sommige verhale lyk na outentieke legendes en mitologie. Ander lyk na die vrugte van die brein van 'n meesterverteller, wat 'n hele klomp mense om die bos kan lei met sy geniale verbeelding. Elders lyk dit na 'n pleidooi vir die herlewing van die oergodsdiens van die Bantoes, wat om hierdie rede nou aan die Bantoemassa bekendgestel moet word. En dit is dan 'n godsdiens wat geen norme ken behalwe die van taboe nie.

En as 'n mens in die skrywer belangstel en met hom wil gesels, dan moet jy by sy vriende hoor van sy ongelooflike kennis van die gewoontes en geheime van al die Bantoestamme in Suidelike Afrika, sodat hy maklik vir 'n lid van verskillende stamme kan deurgaan sonder om herken te word, en wat by die stat van Stamhoof Pilane vir vyf uur deur vyf-en-twintig Tswanatoordokters onder kruisverhoor geneem word oor die geheime van die Batswana sonder om een keer vasgevra te word. Maar dan moet jy 'n rukkie later by 'n Afrikanersendeling hoor dat sy kennis van die Tswanadolosse gou opgedroog het toe dié hom ondervra het, en dat hy nie goed Tswana praat nie.

Dan sê jy: Lees die boek en neem dit saam met vakansie, en glo wat jy wil.

## NIE-BLANKES WORD RADIOBEWUS

Die koms van die transistorradio kan 'n hele omwenteling in die nie-blanke lande teweeg bring. Volgens die „World Presbyterian Missions Newsletter" het die transistorradio 'n wêreld van klank in Suid-Amerika aan die gang gesit. Dit het die sendingtaak gerevolusioneer. Toe L.M. Hitchcock en Huner Emersin in die dertiger en vroeë veertigerjare oor die Andese spore gestrompel het om tientalle dorpe te besoek waar geen evangelie- boodskap ooit gehoor is nie, was hulle beïndruk deur die onmeetlike grootte van die taak om die Nerviane te kersten. Ja, 'n instrument soos 'n radio sou 'n groot hulp wees, maar radios vereis elektriese krag en hierdie mense was nog in die sewentiende eeu.

Nou kan radio Amerika deur 'n Indiaan in die diep valleie of oerwoude en ook deur die professor by sy lessenaar in Lima gehoor word, danksy die transistor. Die boodskap van die Here word nou in Spaans sowel as die plaaslike Indiaanse taal oor die helfte van die land gehoor. Die enigste ander uitsaaistasie van betekenis wat in die inheemse taal uitsaai, is in Moskou. Kommuniste sluit dit in in hulle 32-uur weeklikse uitsaaiprogramme wat hulle oor die wêreld in sestig tale uitsaai. *Hulle* weet om die waarde van die transistor te waardeer!

In „Koers" (Aug.—Des. 1966) wys mnr. Steve de Villiers op die geweldige omkering in die uitsaaiwese in Afrika. „Daar", sê hy, „kan geen twyfel bestaan dat van alle ontwikkelingsprojekte wat in die jongste jare en ten behoewe van Afrika onderneem is, die uitbreiding van radio-kommunikasie die mees skouspelagtige was nie. Sommige van die mees onderontwikkelde lande spog met radiotoerusting — weliswaar in die meeste gevalle nog nie afbetaal nie — wat wêreldmoonthede na die kroon steek, terwyl een derde van die totale buitelandse sendkrag van die wêreld reeds op Afrika gerig is... oral op die vasteland en ook daarbuite word met koorsagtige haas gewerk om die radionet dubbel en dwars oor die 11,635,000 vierkante myl in Afrika te span."

In 1955 was daar ten suide van die Sahara — en met uitsluiting van Suid-Afrika — slegs 360,000 ontvangstoestelle. Danksy onder andere die koms van die transistorradio en die goedkoper ontvangers wat veral onder die druk van Japanse mededinging op die mark geplaas is, dui amptelike statistiek daarop dat die getal luisteraars in Afrika sedertdien teen 'n geweldige tempo gestyg het. Teen 1962 het die 360,000 ontvangstoestelle in die bepaalde gebied vermeerder tot 2,600,000 — 'n toename van 622 persent.

Dit word bereken dat daar teen 1966 reeds byna 11 miljoen ontvangstoestelle vir die hele Afrika was.

Volgens 'n verslag aan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Amsterdam in Augustus van hierdie jaar besef die kommuniste die strategiese belangrikheid van die radio en daarom het hulle vroeg in 1960 ongeveer 2 miljoen ontvangstoestelle gratis in sekere dele van Afrika uitgedeel. Die verslag meen dat die „skrikaanjaende uitbreiding" van die kommunistiese en Islamse radio-uitsendings na Afrika rede vir besorgdheid vir die Christendom gee.

H. d. P.

# DIE ROOMS-KATOLISISME IN AFRIKA

Afrika geniet vandag meer as ooit tevore die aandag van die wêreld. Nie alleen vanweë sy onuitputlike natuurbronne nie, maar veral omdat dit die lewenstoneel is van miljoene mense. Aan hierdie mense moet ons nie dink as barbare of onskuldige natuurkinders wat in die oerwoude van Afrika woon nie, maar as ontwortelde mense wat meegesleur word deur die winde van verandering wat die afgelope dekade meer as eenkeer stormsterkte bereik het. Deur ontstamming is hulle losgeruk uit hulle lewensverbande. 'n Rewolusie is besig om hom op sosiale, ekonomiese en godsdienstige gebied in Afrika te voltrek. Dit het nie net politieke selfstandigheid vir daartoe onrype volke gebring nie maar hulle ook in 'n ontstellende krisis laat beland. Hierdie toestand wil Moskou en Washington vir hulle eie gewin uitbuit. Dog ook die Vatikaan het sy oë op Afrika gerig. Die verskriklike gebeure in die Kongo was wel vir hom 'n ontnugtering, tog beskou hy die Rooms-Katolieke kerk as „die brandpunt van die Christendom", wat alleen 'n oplossing kan bied vir die probleme van ons kontinent.

Die vasteland van Afrika is sedert eeue al die natuurlike invloedsfeer van Rome. Na die verdrywing van die Ariaansgesinde Vandale in die 6de eeu, het Rome sy mag uitgebrei oor die nabygeleë Noord-Afrika. Omdat die kerk hier geen getuienis na buite gelewer het teenoor die inheemse bevolking nie, was dit vir die Mohammedaanse hordes geen moeilike taak om die Christendom gedurende die 7de en 8ste eeu uit te roei nie. Vir eeue het die Roomse kerk in Afrika geen invloed gehad nie. Elke poging tot sendingwerk is deur die Mohammedane op bloedige wyse gesmoor.

Toe die Portugese in die 15de eeu met hulle vermaarde reise langs die Weskus van Afrika begin het, het 'n nuwe tydperk vir die Romanisering van Afrika aangebreek. In 1491 sit die eerste sendelinge langs die Weskus in die Kongogebied voet aan wal en in 1560 begin die Jesuïete langs die Ooskus by Sofala. Hierdie werk was egter net sporadies en nie planmatig nie, want teen die einde van die agtiende eeu arbei daar nog slegs hier en daar 'n enkele priester in 'n hawedorp. Die godsdienstige reveille in Europa en die invloed van die filantropiese denke aan die begin van die negentiende eeu, laat 'n nuwe tydperk vir Rome op sendinggebied aanbreek. Die toenemende invloed van die Protestantisme onder die primitiewe volke, het Rome nog verder aangespoor om sendelinge na die inheemse volke van die Ooste en van Afrika te stuur. Gedurende die negentiende eeu word feitlik die hele Afrika hulle arbeidsveld. In ons land is na die tweede Britse inbesitname van die Kaap aanvanklik slegs die verspreide blanke Roomse lidmate bearbei. In 1852 kom egter die eerste werkers van die „Missie Oblate van die onbevlekte Maria" in Natal aan, wat hulle spoedig wend tot die arbeidsveld van die Franse Protestantse Sending in Basoetoland. Die Roomse Kerk werk vandag onder alle etniese groepe in ons land, behalwe die Bawenda.

**Die Masjinerie in die Roomse aksie**

Oor die stand van die Roomse Kerk

in Afrika hoop ons om in 'n latere artikel terug te kom. Ons wil tans slegs trag om aan te toon dat die Roomse kerk nie daarin slaag om die probleme van ons kontinent op te los nie, maar eerder daartoe bydra om die geestelike noodtoestand in Afrika te vergroot.

Die organisasie van die Roomse Kerk oor heel die wêreld is 'n indrukwekkende stuk masjinerie. Die wêreld word verdeel in provinsies van „die heilige see' en provinsies van propaganda. Laasgenoemde is „acathalicorum et infidelium terras" (m.a.w. Protestantse en heidense gebiede) en alle werk daar verloop volgens 'n vaste plan soos uitgewerk deur die **Sacra Congregatio de Propaganda Fidei.** In Suidelike Afrika is die Republiek, Lesotho, Botswana, Swaziland en Rhodesië 'n eenheid waar die kongregasie van propaganda sy mag indirek uitoefen deur 'n Apostoliese delegaat in Pretoria. Hy oefen beheer uit oor 4 aartsbisdomme wat weer verdeel is in vier bisbomme.

Afgesien van hierdie sentrale kollege is daar na berekening nog sowat 500 ordes, elk met sy eie hoof. Die Propaganda wys hulle arbeidsterrein aan. Sommige ordes spits hul slegs toe op hulpdienste soos die onderwys (Marist Brothers), landbou (Trappiste) en mediese dienste (vroulike ordes).

In die laaste jare maak die leke-apostolaat groot opgang, veral vandat Pous Pius XII dit gesanksioneer het in sy ensikliek oor die Mistieke Liggaam en die Middelaarskap van Christus. Hiervolgens moet iedere Christen in die lewende organisme van die kerk 'n lewende sel wees. Daar word dus vandag baie dokters en verpleegsters, selfs ambagslui, tegnici en boere vir die sendingvelde gewerf sonder die belofte van die selibaat. Talle aktiwiteite word aan hulle toevertrou soos onderwys, pers, radio, sosiale werk en die modernisering van die landbou. So is daar in Kanada 'n vereniging wat hom beywer vir die deeglike vorming van jong boere wat hulle onder die Mohammedane in Noord-Afrika wil vestig.

**Die metodes van die Roomse Aksie**

Alhoewel die Roomse Kerk self dusver deur die eeue onveranderd gebly het, is daar in sy metodes van werk telkens veranderings te bespeur.

**Akkomodasie:** Opvallend is deur die eeue die neiging tot akkomodasie. Tereg sê P. Middelkoop in De Heerbaan van Okt. 1954: „De Roomse Kerk is meesteresse in de aanpassing: haar Maria- verering heeft tot achtergrond de natuur-religie in de oudheid". Die heidense godsdienste kan, volgens hulle, ook waarheidselemente bevat. Hierby wil hulle dan aansluiting soek. Dit spruit voort uit hulle opvatting van genade en natuur. Die genade voltooi die natuur. Dus kan hierdie waarheidselemente opbloei tot seën vir die kerk. Na ons mening lei dit egter slegs tot sinkretisme. Daarom verwag hulle ook dat hulle missionarisse hulle moet losmaak van hul eie volk en slegs die inlander se aspirasies moet bevorder. In Afrika moet hulle terdeë besef dat die koloniale tyd vir goed verby is. Hulle moet elemente soek in die programme van die swart leiers waarby hulle kan aansluit en dan sulke leiers ondersteun om sodoende die invloed van Rome uit te brei.

(Word Vervolg)

**ds. H. A. Louw.**

vir betroubare werk
in staalkonstruksies...
raadpleeg:
BAKKER & GRIFFIOEN


Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.


Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.


Garage, Klerksdorp


Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.


Fabrieksgebou, Steeledale.

**BAKKER & GRIFFIOEN**
**(EDMS.) BPK.**

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

**POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL**
**Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"**

BG 1472

2 - AUG 1968

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 11 — NR. 2
JUNIE 1968



# DIE OES

# LEKTUUR

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk | 30c per jaar |
| 2.a. | Rugama in Tswana en Sotho | 30c per jaar |
| b. | Rugama in Zoeloe en Xhosa | 30c per jaar |
| 3. | Murumiwa in Venda en Tsonga | 30c per jaar |
| 4. | Die Oes | 50c per jaar |
| | Tumelo ea Bakreste. (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis | 10c elk |
| 5. | Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho | 1c elk |
| 6. | Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho | 1c elk |
| 7. | Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho | 2c elk |
| 8. | Heidelbergse Kategismus in Tswana | 10c elk |
| 9. | Heidelbergse Kategismus in Venda | 10c elk |
| 10. | Heidelbergse Kategismus in Sotho | 10c elk |
| 11. | Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda | 5c elk |
| 12. | Preekbundel in Zoeloe | 10c elk |
| 13. | Preekbundel in Sotho | 10c elk |
| 14. | Formuliere in Sotho en Tswana gratis | |
| 15. | Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng (Godsdiensonderrig op skole) R1.25. | |

Bestel by:

Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Enkele aspekte van die Bantoevolkskulture ...... 3

'n Goeie verhouding tussen werkgewer en Bantoe-arbeiders ...... 7

Rooms-Katolisisme in Afrika ...... 9

Nuusflitse ...... 11

Geestelike nood in Afrika ...... 13

Sendingnuus uit ander kerke ...... 14



# DIE OES

**JAARGANG 11 — NR. 2**

**JUNIE 1968**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending- en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma, ds. P. J. J. S. Enslin en dr. I. J. van der Walt.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn vier maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

Prof. dr. J. H. Coetzee.

# Enkele aspekte van die BANTOE-VOLKSKULTURE

**Die algemene aard van die kultuur:**

Veral by die Zoeloe is die opvatting sterk dat die opperwese Unkulunkulu, die volkskultuur saam met die eerste mense geskape en kant en klaar aan die mense, dit wil sê die Zoeloes, gegee het. Kultuur is dus nie soveel nuwe skepping deur die mens nie as handhawing van dit wat gegee is. Dit bevorder onmiddellik 'n baie sterk behoudende eienskap en weerstand teen verandering. Wie die kultuur wil verander, tree op in stryd met wat deur die opperwese gegee is en mag hom ernstig besondig tot groot nadeel van die hele volk.

Die tweede gevolg hiervan is dat die opperwese eintlik 'n partikuliere (private) volksgod, nie 'n universele (algemene) mensheidsgod is nie. Vir enige poging tot kerstening van die volk beteken dit dat bekering 'n breuk is met die volksgod en daardeur dus ook 'n breuk met die volk. So iemand sou hom dus afskei van sy volk en val buite die beskermingskring van die volk se opperwese. Die sielkundige onsekerheid en worsteling van die bekeerling ten gevolge hiervan kan seker moeilik gepeil word.

In die hele religieuse opbou of skema is die lewende deel van die volk ten nouste geskakel met die voorouers en deur hulle met die opperwese. Waar die kerstening ook 'n skakel met die voorouers in hierdie opsig verbreek, dit wil sê as wesens wat met bomenslike en goddelike magte beklee is, hou dit in 'n verdere losmaking van die bekeerling van sy volk. Die voorouers is trouens nog altyd 'n volle deel van die volk en die volk aan hierdie kant van die graf se voorspoed en teenspoed is grootliks in hulle hande. Die moeilike taak is dus hier om die verering te verander tot 'n blote eerbied en respek in ooreenstemming met die eise van die vyfde gebod en dié van die eerste drie gebooie.

Die rol van die magie of towery is nie alleen kenbaar in die optrede van die ngaka en moloi (Sotho) of nyanga en umthakati (Zoeloe) nie, maar ook in allerlei vorme van waarsêery (isangoma — Zoeloe), in landbourituele, in die geneeskunde en haas in elke werk of saak wat die Bantoe ter hand neem. Dit kom na vore as die sentrale element van die groot nasionale feeste soos die Umkhosi

van die Zoeloe en die incwala van die Swazi. En nou spreek die kerk juis so skerp oor die sonde van towery en waarsêery.

**Die politieke tradisies:**

Tradisioneel is die hele stamlewe van die Bantoe gesentreer om en saamgetrek in die persoon van die stamhoof. Hy is nie *net* politieke figuur soos die blanke owerhede hom in die verlede meesal gesien het nie. In enkele gevalle soos by die Venda en die Lovedu is daar simptome van 'n sogenaamde goddelike koningskap.

Die stamhoof besit dus ook baie belangrike rituele en religieuse funksies. Hy is hooftoordokter van die stam. Daarby is hy die belangrikste verteenwoordiger van die stam by die voorouers en juis ook by die belangrikste voorouerlike linie. Hy is die strategiese, onmisbare skakel tussen die lewende deel van die stam en die voorouers. In tye van stamnood tree hy vir die stam by die voorouers in. Vir hierdie doel moet hy van tyd tot tyd ritueel gereining en versterk word. Hy moet sterk wees en krag besit want sy krag moet uitstraal oor die volk, die land, die vee, die mense om hulle voorspoedig en vrugbaar en sterk te maak. Besit hy die krag nie meer nie, probeer hy om dit te verkry deur medisyne wat gemaak word en waarin dele van menslike liggame 'n belangrike deel vorm. Anders kan hy nie sy omvattende en lewensbelangrike funksies uitoefen nie en faal hy in sy roeping.

Nou behoort dit duidelik te wees dat vir die gelowige volkslid twee belangrike veranderinge in hierdie opvatting betreffende die stamhoof moet intree. Die eerste is die skeiding van die religieuse amp van die ander. Nie geboorte of enige ander kwalifikasie verleen aan die stamhoof 'n besondere kerklike of godsdienstige amp nie. As bekeerde en as Christen beklee hy weliswaar die amp van die gelowige, naamlik koning, priester en profeet, maar dan gelyk met ander gelowiges. Hy mag selfs as gelowige stamhoof gekies en op so 'n wyse beklee word met 'n besondere kerklike amp, maar hy erf dit nie saam met sy stamhoofskap of op grond daarvan nie. Sy hooftoordokterskap verval en so ook sy middelaarskap tussen volk en voorouers. Met ander woorde die Christendom devalueer die persoon van die stamhoof (maak sy waarde minder) in terme van sy tradisionele posisie sonder om egter te wil afdoen aan sy politieke status en gesag en alles wat regstreeks verder daaraan verbonde is. Trouens, die kerk leer juis die erkenning van die gesag van die owerhede (Rom. 13) as komende van God en daarom ook ondergeskik aan God.

Nou is dit waar dat die Christendom hierdie heidense waardes verminder, maar dan stel dit in die plek daarvan die werklike hoë waardes van die amp van gelowige, die koningskap, priesterskap en profeetskap in Christus, maar dit moet ook in die gemeenskap nog geëvalueer (reg gewaardeer) word.

In die tweede plek doen die kerstening van die stamkultuur weg met die opvatting van die uitstralende funksie van die stamhoof oor sy stam. Die Skrif leer juis die swakheid van die mens en nie sy krag nie; dat hy altyd kleiner moet word en Christus groter in hom, dat hy niks is nie en God alles. Die welvaart van die stam en van alle mense word gegee deur God.

Die stamhoof is alleen geroepe dienskneg van God.

Aan die ander kant bied die Christendom in die vorm van die Gereformeerde kerkregering 'n waardevolle les en voorbeeld aan hierdie kulture met betrekking tot 'n gesonde en verantwoordelike stelsel van regering, een van demokratiese regte en van persoonlike verantwoordelikheid teenoor die Koning van die konings vir die volk oor wie die regering of regeerder gestel is.

**Die huwelik:**

Die Bantoekultuur wat om die huwelik opgebou is, bevat verskeie kante wat deur die Christendom veroordeel en afgewys word, hoewel daar ook weer ander is wat, met die nodige reformasie prysenswaardige kultuurbydraes kan lewer. Hier dink ons byvoorbeeld aan die versorging van weeskinders, die seldsaamheid van egskeidings en die erkenning van die ouerlike seggenskap in die huweliksluiting.

Allereers kom onder die aandag die kuisheidsopvattinge en -gebruike. Voorop staan dan die oorbeklemtoning van die seksuele lewe. Dit neig om die hele lewe te oorheers vanaf die heel vroegste jare, in sekere vroulike praktyke, in die stamskole, en dies meer. Kuisheid is vir hulle nie onthouding van seksuele omgang voor of buite die huwelik nie, maar alleen die voorkoming van deflorasie (wegneem van die maagdelikheid van 'n meisie) en van konsepsie (bevrugting). Dit is waar dat in sommige stamme periodiek of tydens die inisiasieseremonies die jong meisies ondersoek en getoets word met betrekking tot swangerskap. Dieselfde en ander stamme het egter ook algemeen toegepaste stelsels van onvolledige geslagsverkeer en leer die seuns in die stamskole om as teken van hulle volwasse manlikheid onmiddellik na die skool omgang met vroue te hê. By die Zoeloes moet die soldaat wat van die oorlog terugkeer en iemand in die stryd om die lewe gebring het homself reining deur omgang te hê met die eerste vrou wat hy teenkom.

Omgang buite die huwelik bevat twee elemente wat albei instellings is. Vir die man is huweliksontrou geen sonde nie hoewel dit onder bepaalde gevalle soos owerspel 'n misdaad van diefstal kan wees wat of met die dood of met 'n boete gestraf kan word. Dit is geen grond vir sy vrou om van hom egskeiding te verkry nie hoewel hy sy vrou se ontrou as egskeidingsgrond teen haar kan inbring. Aan die anderkant ken die Sotho en die Xhosa byvoorbeeld die nyatsi- en die ukushweshwa- of kipitiverhoudinge. Gedurende die swangerskap van sy vrou of solank haar kind nog soog of solank die man in die stad werk en tydelik daar woon mag hy verhoudinge hê met ander vroue.

Die ander aspekte is die sogenaamde poligamie of veelwywery, die sororaat en die leviraat. Veelwywery is die begeerte van elke Bantoeman en word deur hulle wette toegelaat. In die praktyk is dit die voorreg van die rykes en aansienlikes. Die sororaat word toegepas wanneer 'n vrou kinderloos bly. Dan moet haar mense 'n stutvrou of saaddraer verskaf (seantlo, inhlanzi) om vir die kinderlose kinders te baar sonder dat sy sy vrou word deur 'n huwelik. Die leviraat (Zoeloe: Ukungena, Sotho: go tsena montlung) tree in wanneer die man jonk sterf en iemand anders, meesal 'n jonger broer, vir hom kinders by sy weduwee verwek. 'n Ander

vorm hiervan is dat die erfgenaam sy vader se weduwees, uitgesonderd sy eie moeder, as vroue erf. By die Venda kan 'n bemiddelde vrou ook 'n vrou lobola en deur 'n man wat sy uitsoek vir haar kinders laat verwek by haar vrou. Dit kom ook voor by die vroulike regeerders van die Lovedu.

Die voorkeurhuwelik — die aangewese eggenoot is 'n bepaalde verwant — en die lobolostelsel verloop maklik in ouerlike dwang betreffende die huwelik van hulle kinders, op huweliksluiting sonder liefde en op 'n werklike vrouekoop en huwelikslawerny. Dit beteken nie dat lobolo/bogadi deur en deur uit die bose is nie, maar dat dit veel plek laat vir hervorming.

Dit behoort duidelik te wees dat die Christelike leer met betrekking tot die sewende gebod sterk standpunt moet inneem teen al hierdie gebruike. Dit raak verder die posisie van die vrou, die kwessie van erfreg en opvolgingsgebruike en die hele span van die huweliksreg en -gewoontes.

**Towery:**

Diep ingeweef in die Bantoevolke se lewe en kultuur is die geloof in towery. Daarvolgens is daar mense wat 'n „bonatuurlike" beheer oor ander mense en natuurkragte kan uitoefen. Hierdie mense is van tweeërlei aard omdat die gerigtheid van die kragte ook van tweeërlei karakter is: die goedwillige toordokter (nyanga, ngaka) beoefen sy magte in belang van sy gemeenskap. Die moloi of umthakati of kwaadwillige towenaar werk in die duister teen die gemeenskapsbelange in. Op hierdie mense word die vertroue nou geplaas en albei word gevrees. Die ngaka kan genesing bring, kan medisyne maak wat reën sal verseker of die kragte van die opperhoof sal herstel. Hy kan die weerlig afweer en kan die wense van die voorouers bekend maak. Hulle is vir die Bantoe 'n veel meer konkrete en aanwesige mag selfs as die opperwese.

Vir die jong kerke en vir die Bantoevolke het dit 'n uiters en praktiese saak gebly want dit raak die wese van die geloof. Soos ons in die volgende afdeling sal probeer aantoon, is dit ook 'n struikelblok op die pad van kultuurarbeid. Aan towery en towermedisyne word veel meer waarde geheg as aan inspannende en aanhoudende skeppende arbeid.

**Opvoeding en Onderwys:**

Die enigste geïnstitueerde onderwys in die Bantoekultuur was die stam- of inisiasieskole (Sotho: koma, bogwera en byale: Venda: thondo, vhusha en domba; Ovambo: ohango; Zoeloe: thomba en ukubuthwa). Dit was toegespits op inskerping van die stamtradisies. Toetse in gehardheid het deel daarvan gevorm sowel as kuisheidsproewe vir meisies. Op die seksuele gedrag is besondere klem gelê. By die Venda se domba is selfs simboliese en rituele voorstellinge van geslagsomgang gegee. Behalwe die dissipline en die verstewiging van die gedragsreëls het dit weinig positiefs opgelewer. Tog was dit 'n uiters belangrike oorgangs- en opnameproses van die jongere geslag in die oë van die Bantoestamme.

Die Christendom lê besondere klem op die onderwys van die jeug. Hulle moet gevorm word tot mense van God vir elke goeie werk volkome toegerus. Leer om fyn te steel soos by die Venda en aandrang op seksuele omgang soos by die

Xhosa, sal hieronder nie ingesluit kan word nie. Dit is geen wonder nie dat daar by sendelinge 'n sterk afkeer teenoor die stamskole bestaan en dat die kommer tans uitgespreek word oor 'n blykbare herlewing van hierdie gebruik.

Die skool- en onderwysstelsel van die blanke is weliswaar ook 'n nuwe instelling vir die Bantoe maar een wat hy graag aanvaar ter wille van die aanleer van allerlei praktiese vaardighede en vir die verkryging van 'n hoër aansien en status. Hier is die weg dus oop om hom op te vang in 'n Christelike vormingsproses.

Maar om die stamskole het 'n hele aantal probleme ontstaan. Moet hulle afgeskaf, vervang of bloot hervorm word? Indien hulle afgeskaf word, kan hulle funksies deur 'n ander instelling vervul word sonder die antichristelike uitwerking daarvan? Kan hulle byvoorbeeld vervang word met 'n soort belydeniskatkisasie en onderrig in die Christelike belydenis en lewensbeskouing? Dit mag in afsonderlike Christelike Bantoegemeenskappe miskien prakties uitvoerbaar wees maar dan is dit natuurlik nie meer *stam*skole nie en verval daardie werk dat hulle die jongmense vorm vir hulle volk of nasie. In hoeverre is dit moontlik om die stamskole sodanig te hervorm dat Christene ook daarin tuis kan wees? Kan hulle geheel en al vervang word deur 'n deeglike stelsel van Christelik-nasionale onderwys?

(Die Jaarblad, 1967,
Hammanskraalse
Teol. Skool).

# 'n Goeie verhouding tussen werkgewer en Bantoe-arbeiders

Vanaf 1949 is daar op die Zebedelialandgoed in die distrik van Potgietersrust, toegelê op sitrusboerdery. Die administrasie van hierdie kolossale plaas het vir baie jare voor baie probleme te staan gekom, soos 'n ontsaglike groot arbeidstoevloei, toestande van spanning, en in baie gevalle botsings tussen blanke opsigters en nie-blanke arbeiders. Daar was ook af en toe stakings en tot 55% van die arbeiders het jaarliks uit die diens weggeloop. Om die aantal arbeiders op ± van 3,000 tot 4,000 te hou, was daar nodig 'n werwingsorganisasie wat 'n totale uitgawe van R30,000 per jaar vereis het. het.

Om aan hierdie probleme die hoof te bied, het die algemene bestuurder die volgende stappe geneem:

Hy het sy kampongbestuurder ver-

vang met 'n sendeling en Bantoe-evangeliste as sy assistente benoem. Benewens hulle gewone godsdienstige verpligtinge moes hulle ook omsien na die sosiale belange van die Bantoe-arbeiders. Hy het ook van hulle verwag om nie 'n negatiewe en destruktiewe houding teenoor die ou kulturele Bantoe-waardes in te neem nie maar om dit in 'n positiewe, konstruktiewe manier te gebruik. Die godsdienstige aspek moet gesien word as 'n saak wat die alledaagse lewe van die arbeiders raak; die Christelike godsdiens en beginsels moet die fondament van die gemeenskap wees.

Hy het ook voorsien in die nodige onderwys-fasiliteite en gebruik gemaak van die fasiliteite van 'n sendinghospitaal en kliniek ten behoewe van die mediese en gesondheidsbehoeftes van sy werknemers.

Hy het ook omgesien na die ekonomiese belange van die Bantoe deur 'n ko-operatiewe algemene handelsaak en slagtery op te rig.

Hy voorsien ook adekwate en doelmatige behuising op so 'n manier dat die Bantoe in familie- eenhede geakkommodeer is. Hy bou Bantoe- statte met privaat en gemeenskaplike groentetuine waarin hulle hulle eie tipiese groentesoorte en voedsel kan geniet.

Die resultate van hierdie eksperiment was eenvoudig fenomenaal en kan as volg opgesom word:

Terwyl daar vroeër 3000 tot 4000 arbeiders nodig was, doen 1800 nou al die werk en hulle doen dit beter as die 3000 tot 4000. Gevalle van afwesigheid is nou minder as 3% per week, en om op 'n Maandag met slegs die helfte van die aantal arbeiders te begin, is nou iets van die verlede.

Dit is ook nie meer nodig om arbeiders te werf nie. Die Bantoe kom nou vanself, en die wat in diens is, is nie geneig om weer weg te gaan nie. 'n Duur werwingsorganisasie is dus nou nie meer nodig nie.

Die polisie hoef ook nie meer op te tree vir aanrandingsake nie, en stakings is iets van die verlede. 'n Kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe vermeerdering per arbeidseenheid word nou getoon. Daar is nie meer epidemies nie en die sterftesyfer het so laag soos 4 per 1000 gedaal en ook het kindersterfte aansienlik verminder. Hierdie skema het getoon dat 'n normale en gesonde familielewe van die grootste belang is, omdat een man wat met sy huisgesin op die plaas bly van net soveel waarde is as vyf individuele mans. Die doeltreffendheid van hierdie arbeid was so hoog soos 96%. Dit het ook bewys dat 'n gekerstende en opgevoede Bantoe —benewens ander voordele wat hy best — ekonomies 'n baie groter bate is as die baar ongeletterde Bantoe- heiden.

Die wete dat sy blanke werkgewer 'n onselfsugtige belangstelling in hom toon en dat hy omsien na sy tydelike en geestelike welsyn, skep 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit by die Bantoe, en in hierdie warm sosiale omgewing het daar 'n gemeenskap van arbeiders gegroei waarvan die moontlikhede tot die maksimum verwerklik is. Volgens die bestuurder kan dit alleen op een basis verwesenlik word, nl. die van christelike liefde, soos dit voorgestaan en beoefen word deur volgelinge van Christus. ('n Artikel van dr. C. H. Badenhorst oorgeneem deur N. G. K. Newsletter, Maart 1968).

Ds. H. A. Louw.

# Rooms-Katolisisme in Afrika

**Die Roomse ideologie:**

Propaganda is 'n hooffaktor in die Roomse aksie. Hulle probeer 'n beslissende invloed uitoefen op die gedagtewêreld van die volke van Afrika deur die pers, skole, films radio-uitsendings en konferensies.

Met groot energie word al baie jare die *pers* ter hand geneem. Enkele jare gelede al is in Afrika 2 dagblaaie, 7 weekblaaie, 2 halfmaandelikse, 13 maandelikse, 2 kwartaallikse en 2 viermaandelikse tydskrifte uitgegee. Dat die inboorlinge van ons vasteland ook lees blyk daaruit dat 'n enkele boek se oplaag in die eertydse Goudkus 20,000 eksemplare beloop het. Ook in ons land is daar 5 Roomse perse wat talle blaaie publiseer en deur duisende Bantoes gelees word.

Die *skool* en veral die hoërskool is by uitstek die middel om die Roomse ideologie tuis te bring. Die betekenis van die skool word nie afgeweeg aan die aantal skole nie maar aan die invloed wat dit op die denke het. In sy ensikliek „Evangelii Praecones" van 1951 sê Pous Pius XII: „Die skole immers bied veral hierdie voordeel, dat tussen missionarisse en heidene van allerlei rang en stand goeie verhoudinge ontstaan en boweal dat die jeug wat nog kneedbaar is soos was, maklik aangetrokke voel tot die kennis, waardering en aanvaarding van die katolieke leer". Daarom kan mens verstaan dat die Roomse biskoppe in 1954 so luid geprotesteer het toe die regering die milde subsidies waarmee sendingskole gesteun is, geleidelik begin terugtrek het. Hulle het met ons belastingbetalers se geld vryelik hul ideologie verkondig. Intussen het hulle verswyg dat 'n Protestanse skool nog nooit die steun van die staat in 'n Roomse land ontvang het nie. Verder kan ons volmondig saamstem met Die Kerkbode van 19 Oktober 1955 as hy sê: „Hierdie kerk word gedruk deur 'n baie lastige inkonsekwensie in sy onderwysbeleid. In haas elke Roomse land groei elke jaar 'n hele geslag ongeletterde kinders op, en dit is algemeen bekend dat die grootste getal ongeletterdes in Roomse lande aangetref word — in so 'n mate dat dit vandag 'n internasionale probleem geword het... Maar hier in ons land ywer Roomse priesters rusteloos, sogenaamd vir die opvoeding, maar in werklikheid vir die propagering van die Roomse geloof d.m.v. die skool".

Volgens die pouslike ensikliek „Divini Illius Magistri" van Pius XI (1929) is die onderwys in die eerste en hoogste instansie die taak van die kerk. Aan die Roomse Kerk is die hoogste en onfeilbare leergesag toevertrou om die nasies te leer. Daarom strek sy roeping uit tot alle volke.

**Die vorming van 'n Roomse elite:**

In sy boek „Die katholische Kirche in neuen Afrika" wys prof. J. Beckman op die groot waarde van elitevorming. Eer-

stens moet daar 'n inheemse klerus kom, maar hiernaas moet ook leiers opgelei word wat in die regeringskringe van die nuwe Afrika-state invloed kan uitoefen. In Basoetoeland is Nathaniël Griffith tot die Roomse geloof oorgehaal, wat by die dood van sy broer in 1912 hoofkaptein geword het. In Roeanda en Oeroendi sowel as Oeganda lê die Wit Vaders hulle toe op die vorming van die toekomstige hoofmanne. Al bly hulle heidene, sal hulle tog die Roomse Kerk goedgesind wees. Alhoewel daar een tyd gevrees is dat die selibaat vir Afrika afgeskaf sal moet word, is daar vandag al ver meer as 1,000 priesters en die hoop is dat hulle nog sal aangroei tot 10,000. Verder is daar al 'n swart kardinaal en biskoppe, waarvan 2 in S.A. t.w. dié van Leriba en Umzikulu. Vir hulle hang die vorming van leiers nie saam met die doel om selfstandige nasionale kerke te stig nie wat selfuitbreidend en — onderhoudend moet wees nie maar Rome streef na wêreldlike mag. Hy wil leiers kweek om hom te help om alleenseggenskap in 'n vreemde land te kry.

**Maatskaplike organisasies:**

Omdat die benadering van die Roomse kerk sosiaal is, is die maatskaplike vraagstuk feitlik no. 1 op sy program. A.g.v. die massale trek na die industriesentra en die gevolglike ontwrigting van die stamlewe, het daar in Afrika groot sosiale probleme ontstaan. Daarom sien die Roomse kerk vir hom op hierdie gebied 'n groot taak. Want midde in die onheilige wêreld het God sy onfeilbare kerk geplant, toegerus met 'n skat van genade. Die kerk kan dus nie anders as om vir die wêreld tot seën te wees nie. In sy ensikliek „Evangelii Praecones" het pous Pius XII in 1951 aan die missiebiskoppe opgedra om vereniginge te stig en instellinge in die lewe te roep wat 'n duidelike sosiale en ekonomiese karakter dra. Reeds in 1927 het Mgr. Gijlswijk in Kimberley gesê: „Die belange van die swartes moet die belange van die missionarisse wees". In ons land het vader B. Huss die „Catholic African Union" tot stand gebring — 'n Roomse vereniging met sosiale doelstellinge. Dit het spaarkasse, sieke- en begrafnisfondse gestig vir die versorging van die inboorling. Omdat dit die ideaal is om alle volke in een groot wêreldkerk saam te bring, is die Roomse Kerk 'n heftige vyand van enige vorm van sosiale segregasie. Daarom betreur Beckman dit dat die blankes in S.A. nie genoë wil neem met 'n swart biskop nie. Alle Rooms-katolieke moet in hulle eie organisasies saamgegroepeer word, afgesien van watter ras of kleur hulle ookal is. Hulle is sedelik verplig om hulle kerk se belange te bevorder. Sodoende kom die kerk tot groter magsontplooiing. Die Roomse kerk vat sy sendingwerk sosiaal op. Die missionaris moet goed onderlê wees in die sosiale politiek. Arbeids- en vakverenigings moet met 'n sterk band aan die kerk gebind wees en moet die voorskrifte van die kerk nougeset nastrewe. Daarom beskou die Roomse kerk dit sy taak om oral in Afrika die arbeidsverhoudinge te reël.

**Begunstiging deur die owerheid:**

Die Roomse kerk maak gretiglik gebruik van die begunstiging van die owerheid. In die Portugese gebiede is hy die staatskerk. In 1940 is 'n ooreenkoms tussen die Vatikaan en Portugal gesluit waarvolgens die regering die grootste deel van

die finansiële laste dra t.o.v. skole, reiskoste en salarisse van sendingwerkers. In die gewese kolonies van Roomse lande soos België, Frankryk en Italië oefen hierdie kerk nog altyd groot mag uit. Die Roomse burger is gebonde om sy kerk te steun. Solank die staat die kerk ongehinderd laat en sy sin gee, gaan alles goed. Kom daar botsing, is die Roomse burger gebonde om aan die kerk se kant te staan. So kan hierdie kerk maklik 'n aggressiewe staat binne 'n staat word.

Ons bewonder die opofferinge van Roomse sendelinge. Deur die geskiedenis van die kerk loop ook die lyn van diens. Ons wil ook nie beweer dat die kerk heeltemal deur die Here verlaat is nie. Ons het dit teen die Roomse stelsel en sy metodes. Daarin sien ons 'n gevaar vir Afrika.

# nuusflitse

★ Die Sinode Middellande het op 25 Junie op Welkom gesit.

Die moderamen was soos volg saamgestel: ds. M. G. S. Thamae, voorsitter, ds. J. A. Lebitsa, onder-voorsitter, ds. C. Khosa, skriba en ds. E. J. Motau, adj.-skriba.

Onder meer is 'n studiestuk oor die gee van die tiendes en beskrywingspunte op die Sinode behandel.

Die aansoek van ds. P. B. Rapiya, wat predikant was van 'n ander kerkgenootskap om predikant te word in die Gereformeerde Kerk, is ook op die Sinode behandel en toegestaan.

★ Ds. J. A. van Rooy en ander predikante is in Vendaland besig met 'n Bybelskool.

Dit is nie 'n inrigting waar predikante opgelei word nie maar 'n plek waar mense onderrig word in die kennis van die Bybel om dit ook te gebruik teen die heidene.

Helpers word ook onderrig.

★ 'n Tak van die Soweto Bible School is op Ikageng, Potchefstroom, gestig. Die bestuur van die skool is Johan Marel van die Apostoliese Faith Mission, L. S. Tau en Johannes Matswadi van die N.G. Kerk en A. Modiakgotlo. Op Soweto, Johannesburg, is die Bybelskool onder toesig van ds. F. Denkema en ds. P. J. J. S. Enslin.

★ Die Bantoegebiedsowerheid het toestemming verleen om die bestaande kerkgebou in Thaba 'Nchu na 'n nuwe woonbuurt oor te plaas.

★ Die klassis Tswane is op Atteridgeville gehou.

Die vergadering is onder meer toegespreek deur prof. L. J. Botha van die Teologiese Skool Hammanskraal. Hy het die doel van die sewe-jarige studie aan die Teologiese Skool verduidelik en aan die vergadering meegedeel dat daar beurse vir studente is wat onder toesig van die Teologiese Skool hulle matriek-kursus wil voltooi.

# nuusflitse

★ Met die ontwikkeling van die sending in Oos-Kaapland het die Klassis Burgersdorp besluit om meer lektuur in die Xhosa-taal te verkry.

Met die oog op die onderrig van die kleiner kinders word die „klein" kategismus in Xhosa vertaal. Die boekie sal dan in sewe Bantoetale en in Afrikaans vertaal wees.

Verder sal preke, die Belydenisskrifte en die Formuliere in dié Bantoetaal vertaal word.

★ Die blad, Imbongi Yenkosi, wat vir die Gereformeerde lidmate in Zoeloe uitgegee word, verskyn nou elke maand. Die redaksie van die blad is uitgebrei om meer kerklike nuus te verkry.

★ Die gemeente van Ndedwe, Natal, het versoek om nou af te stig van gemeente Dalmeny en selfstandig voor te gaan. Die versoek is deur die Klassis goedgekeur.

★ In Kwa Mashu naby Durban het twee studentehelpers begin werk. Die gemeente het onderneem om voldoende geld in te samel om 'n nuwe pastorie te bou en daar sal hopelik aan die einde van die jaar weer 'n predikant beroep word.

★ Die nuwe gemeente Chiawelo is van die gemeente Moroka afgestig.

★ Op Mawumba, Rhodesië, is onlangs 'n kerkgebou opgerig. Die sending gaan in Rhodesië ongestoord voort. Op Karoi werk drie helpers.

★ *Beroepe en bevestigings:* Ds. W. Musendiwa van Louis Trichardt is op 4 Mei op Sannieshof bevestig.

Ds. N. P. Bohloko, voorheen van Phahameng, Bloemfontein, het die beroep na Welkom aangeneem. Ds. Bohloko het voorheen ook in Welkom gearbei.

Ds. J. Mohloki, voorheen van Carletonville, is op Ventersdorp bevestig.

Ds. G. L. Mokoena van Meadowlands het die beroep na Bloemfontein aangeneem.

Ds. A. Lakay van Grassypark het die beroep na Newclare aangeneem.

★ By wyse van 'n beskrywingspunt het 'n nie-blanke Kerkraad by Klassis Moroka (naby Johannesburg) advies gevra in verband met die verkoping van drank op Sondae, onder meer deur Munisipale biersale. Die Klassis het na bespreking 'n studiekommissie benoem om die saak te ondersoek en op die volgende vergadering te rapporteer.

★ Die Kerkorde is vir die eerste keer in Sotho vertaal.

Dit is aan die Sinode Middellande op Welkom voorgelê.

★ Die bearbeiding van die lidmate in Sebokeng, naby Vereeniging, sal deur ds. C. Khoza van Vanderbijlpark en ds. E. T. Chaka van Sharpeville gesamentlik behartig word. Bouplanne vir 'n saal met 500 sitplekke word gereed gemaak.

H. B. van der Walt.

Dr. I. J. van der Walt.

# *Die geestelike nood in Afrika*

Ons lewe rustig en in vrede aan die suidpunt van Afrika, die eertydse donker kontinent. Die besef moet sterker en duideliker tot ons deurdring dat die diepste ondergrond van al die woelinge in Afrika die geestelike nood is waarin hierdie mense gevange sit.

'n *Oorsig oor die godsdienste* van Afrika sien daar ongeveer soos volg uit:

Protestante 20 miljoen = 8.7%.

Rooms Katolieke 30 miljoen = 13%.

Ortodoks en Oosterse Kerk 4,900,00 = 2.1%.

Totaal Christene 55 miljoen = 23.8%.

Mohammedane 90 miljoen = 39%.

Jode ½ miljoen = .2%.

Hindoes ½ miljoen = .2%.

Ander Heidense groepe (animiste ens. 85 miljoen = 36.8%.

Hieruit blyk dat nog geen kwart van die bevolking van Afrika Christene is nie.

Die taak wat voorlê is dus so groot soos 'n berg.

**Dawid en Die Twee Goliats.**

Dit is onnodig om te bewys dat die twee grootste vyande van die Christendom die Mohammedanisme en die barre heidendom is.

Met die barre heidene bedoel ons diegene wat die primitiewe godsdiens beoefen: voorvadergeeste aanbid, in die mag en invloed van toordokters gevange sit en wat volgens ons hulle ken, rou bygelowige heidene is. Hulle groep omvat nog 36.8% van die inwoners van Afrika.

Hulle getalle is egter aan die afneem. In 1962 was hulle aangegee as 115,815,000. Vandag is hulle na skatting 85 miljoen.

Hierdie vermindering is toe te skryf aan:

(a) Die deurwerking van die Westerse beskawing.

(b) Die groei van die Islam.

(c) Die groei van die Christendom.

Die groei van die Islam is fenomenaal veral in Noord-Afrika, maar ook suidwaarts so ver suid as Nigerië.

Die politieke stryd in Nigerië is weens stam-verskille. Nietemin is dit nie sonder godsdienstige betekenis nie. Nadat die oorwegend Mohammedaanse Hausas die Ibos uit die noordelike gebied verdryf het, het 50% van die Christene in die noordelike gebied padgegee.

Die ontwakende en selfs militante Islam is dus 'n uitdaging vir die Christelike kerk en die knelpunt van die geestelike nood van Afrika.

**Nuwe Godsdienstige vorme in Afrika.**

Duisende inwoners van Afrika het gedurende die laaste jare 'n geestelike tuiste gevind by 'n duisternis sektariese groepies. Dit is godsdienstige selle onder leiding van sg. profete van messiaanse faam.

Hierdie skeurgroepies is in wese heidens hoewel daar Christelike trekke by hulle aanwesig is. Die oorsake van hierdie

skeur-aanskynsels is legio. Vroeër is 'n sterk saak uitgemaak deur Sundler e.a. dat die skeurgroepsvorming 'n blyk is van die politieke frustrasie by die Bantoe onder die las van kleurdiskriminasie. Hierdie stelling is egter veral geloënstraf deur die feit dat daar haas geen skeurvorming voorkom by die kerke waar die blankes 'n kleurskeidslyn handhaaf nie.

Die oorsake moet dus elders gesoek word. 'n Hoofoorsaak is bepaald die geestelike ontwrigting van die Bantoe in die Westerse wêreld. Die Bantoe is daaraan gewoond om in noue voeling te lewe met geestelike „krag" wat deur hom as 'n werklikheid belewe word. Sodoende staan sy gemeenskapslewe, kultuurbeoefening, kortom sy hele lewe in die teken van sy godsdiens. Dit alles bind hom in die hegte eenheid van kameraadskap en gemeenskap. In die verwesterde wêreld voel hy ontredderd en verlore, besef dat sy eie hom ontneem is en probeer dit in hierdie sekte-eenheid terugvind.

Daar is natuurlik nog ander oorsake ook: dit is 'n reaksie-verskynsel teen die sekularisme van ons tyd, die skeuringe en aftakeling, teen die modernistiese, Christuslose en niksseggende prediking, teen die vreemdsoortigheid van die kerk waar in hy hom in 'n Westerse milieu bevind, teen die verwestering van die Bantoe.

Dit alles word in die hand gewerk en versterk deur reaksie teen kolonialisme en 'n anti-blanke gevoel.

Hieruit is dit duidelik hoe ingrypend en aangrypend die geestelike nood van Afrika is: mense losgeruk uit hulle stam- en groepsverband wat 'n heenkome en nuwe vastigheid soek en dit nie vind nie omdat hulle dit in Christus en sy Kerk nie gevind het nie. Dit is die onafgehandelde taak van die kerk om om te sien na die geestelike nood in Afrika en die kerk en die Christendom uit te dra en te bestendig.

(Skrywer het grootliks gebruik gemaak van die rapport oor die geestelike krisis in Afrika soos dit verskyn in die agenda vir die eersvolgende Gereformeerde Ekumeniese Sinode).

## SENDINGNUUS UIT ANDER KERKE

V.S.A. Volgens World Survey in International Review of Missions is die huidige toestand in Amerika erg ongunstig vir sendingwerk. Inwendig is daar spanning tussen die rasse, wat dikwels uitloop op (soms bloedige) botsings; uitwendig, d.w.s. in Amerika se betrekkinge met ander lande, is daar feite wat kommer baar. Soveel binne- en buitelandse oorsake van onrus vestig die volk se aandag in hoofsaak op een groot vraagstuk, nl. dié van veiligheid.

Hierby kom nog dat die Amerikaners se selfvertroue aan die afneem is. Die vroeëre optimisme, dat Amerika vir sy eie volk en vir die wêreld 'n beter toekoms kan skep, begin plek maak vir 'n verlammende gevoel van mislukking.

Waar daar by 'n volk kommer bestaan oor eie veiligheid en 'n gevoel van algemene mislukking, is dit vir die kerk moeilik om met geesdrif die Blye Boodskap te verkondig.

**LATYNS—AMERIKA.** Bogenoemde bron deel mee dat ook in Suid-Amerika die sending gestrem word deur onrus. Die verhouding tussen die onderontwikkeldes en die geïndustrialiseerdes is aan die versleg, guerillas is in baie gebiede bedrywig, die toonaangewende Rooms-Katolieke Kerk word geteister deur inwendige onenigheid, wat so erg is dat daar al byna sprake is van verskeie Rooms-Katolieke Kerke en selfs van skeuring.

'n Ligpunt wat ons bron in hierdie donker prentjie sien, kom vir ons maar twyfelagtig voor, nl. die groeiende toenadering tussen die Roomse en die Protestante, wat nou al amptelik oor en weer aan mekaar se eredienste deelneem.

**INDIË:** Oor die algemeen staan die plattelandse bevolking oop vir die verkondiging van die Evangelie. Die Evangelis maak dikwels 'n diep indruk, maar hierdie indruk word gou weer deur ander dinge verdring. Kenmerkend van die Hindoes is hulle opvatting: „Alle paaie lei ten slotte na God". Daarom gebeur dit dat vele Hindoes diep onder die indruk van die Evangelie en van die Christelike etiek kom en selfs in die daaglikse lewe grotendeels die voorskrifte van die Bybel volg, maar tog nie by die Kerk aansluit nie. 'n Mens kan veel van 'n ander godsdiens oorneem en tog nog Hindoe bly. Vandaar die teenstrydigheid, dat die Christendom baie groot invloed in Indië uitgeoefen het terwyl die aantal belydende Christene nooit bo 3% van die bevolking gestyg het nie. (Zendingsblad Feb. 1968).

**MALAWI:** Na ses jaar se werk is die Bybel in Nyanja nou vir blindes beskikbaar. Die Braille-Bybel in Nyanja is in Oktober 1967 voltooi. Die Evangelies in Nyanja het reeds enkele jare gelede in Braille verskyn. Daar is twee skole vir blindes in Malawi: albei sendingskole.

**NATAL:** Die N.G. Kerk doen 'n dringende beroep op gelowiges „elders" om bystand vir die sendingwerk in Natal. Die Tomlinson-verslag het verklaar dat die „Christene in Natal na verhouding die grootste kwota nie-Christene vir hulle verantwoordelikheid het: meer as 2 maal soveel as Transvaal en meer as 4 maal soveel as die Oranje-Vrystaat" Hierdie prentjie het, wat Natal betref, sedertdien geensins verander nie. Met die groter aanwas van die nie-blanke bevolkingsgroepe het die getal nie-Christene na verhouding eerder aangewas.

(Sendingblad, Maart 1968)

**A. P.**





Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.

vir betroubare werk in staalkonstruksies...

raadpleeg:

# BAKKER & GRIFFIOEN



Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.



Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.



Garage, Klerksdorp



Fabrieksgebou, Steeledale.

## BAKKER & GRIFFIOEN (EDMS.) BPK.

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

**POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL**

**Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"**

BG 1472

SENDINGTYDSKRIF
JAARGANG 11 — NR. 3
SEPTEMBER 1968

SOUTH AFRICAN REFERENCE LIBRARY INSTITUTE OF RACE RELATIONS



# DIE OES

# LEKTUUR

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kerkblad vir Kleurlinge: My Volk | 30c per jaar |
| 2.a. | Rugama in Tswana en Sotho | 30c per jaar |
| b. | Rugama in Zoeloe en Xhosa | 30c per jaar |
| 3. | Murumiwa in Venda en Tsonga | 30c per jaar |
| 4. | Die Oes | 50c per jaar |
| | Tumelo ea Bakreste. (Christelike Geloofsleer in Sotho) deur prof. H. du Plessis | 10c elk |
| 5. | Belydeniskaarte in Zoeloe en Sotho | 1c elk |
| 6. | Lidmaatkaarte in Zoeloe en Sotho | 1c elk |
| 7. | Bydraekaarte in Zoeloe en Sotho | 2c elk |
| 8. | Heidelbergse Kategismus in Tswana | 10c elk |
| 9. | Heidelbergse Kategismus in Venda | 10c elk |
| 10. | Heidelbergse Kategismus in Sotho | 10c elk |
| 11. | Almanak in Sotho, Zoeloe en Venda | 5c elk |
| 12. | Preekbundel in Zoeloe | 10c elk |
| 13. | Preekbundel in Sotho | 10c elk |
| 14. | Formuliere in Sotho en Tswana | gratis |
| 15. | Ditaba tsa Bibele dikolong tse phagameng (Godsdiensonderrig op skole) | R1.25. |

Bestel by:
Skriba, Deputate vir Sending- en Nasorglektuur,
Posbus 20008,
Pk. NOORDBRUG.

**INHOUD:**


Apartheid sonder isolasie ...... ...... ...... ...... 3
Gereformeerde sending in alle wêrelddele ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... 5
De roeping van de gemeente in een van het Evangelie vervreemde wereld ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... 6
Nuusflitse ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... ...... 7
Doop van honderd politieke gevangenes in Indonesië ...... ...... ...... ...... ...... 8
'n Ekumeniese Sendingkonferensie ...... 9
Op weg na kerklike eenheid in Afrika 11
Christelike kerkdienste in Ethiopië ...... 13
Sendingwetenskaplike kongres ...... ...... 14


# DIE OES


**JAARGANG 11 — NR. 3**

**SEPTEMBER 1968**

Uitgegee deur die Sinodale Deputate vir Sending- en Nasorglektuur van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

*Redaksie:*

Prof. H. du Plessis (Hoofredakteur), mnr. H. B. van der Walt (sekr.), prof. A. Postma, ds. P. J. J. S. Enslin en dr. I. J. van der Walt.

*Administrasie:*

Die Skriba,
Posbus 20008,
Noordbrug,
Potchefstroom.

Intekengeld 50c per jaar, vooruitbetaalbaar.

Die blad verskyn vier maal per jaar.

Gedruk deur die Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom.

H.d.P.

# Apartheid sonder isolasie

**Apartheid met Isolasie:**

Apartheid sonder isolasie — dit kan tog nie, dit maak geen sin nie, sou mens geneig wees om te sê. Apartheid en isolasie is immers dieselfde. Mense wat apart van mekaar leef, is tog geïsoleerd van mekaar. Dit is dan ook vir baie mense die betekenis van die beleid van apartheid. Swart en wit moet uitmekaar gehou word, anders kan wat wit is, uitgewis word of in die swart opgeneem word. Daar moet 'n duidelike skeidslyn wees wat streng gehandhaaf moet word.

Hierin lê egter in verskillende opsigte die gevaar van 'n on-Christelike houding en optrede, in die eerste plek daarin dat indien selfbehoud die enigste of die hoofmotief vir apartheid is, dit neerkom op 'n afkeurenswaardige en sondige selfsugtigheid, en verder daarin dat sodanige isolasie in stryd is met die eenheidsgedagte van die Skrif en 'n loëning is van die lydenswerk van Christus, die deur die mense geïsoleerde, lydende Messias wat gekom het om die mensheid tot 'n eenheid in Hom te konsolideer. Christus wat verstoot was en geïsoleer was, wat die groot vreemdeling op aarde was, was tog solidêr met die diepste, ware nood van die mensheid.

Selfbehoud van 'n individu en 'n volk is onder sekere omstandighede roeping en plig, en integrasie is nie die enigste alternatief van isolasie nie, maar wanneer selfbehoud die hoofmotief en isolasie en apartheid die allesoorheersende lewenshouding word, moet dit veroordeel word.

Ons mag nie alleen ons eie belang najaag nie, dan loop dit uit op onderdrukking van ander. Ons moet ook 'n goeie lewensbestaan aan ander gun; ons moet leef en voortbestaan, maar ons moet ook ander gun om te leef en vooruit te gaan. Dit is wat die apartheidsbeleid beoog, so word beweer, maar by baie is dit net lippetaal, want as daar die gevaar bestaan dat hulle van hul tientalle Bantoe-arbeiders net een as gevolg van die uitvoering van die apartheidsbeleid verloor, of as geld nodig is vir die ontwikkeling van die tuislande, dan word luidrugtig en aanhoudend geprotesteer. Apartheid en segregasie in eie belang, dit is alles baie mooi, so moet dit wees, maar moenie ons Bantoearbeiders van ons ontneem nie. Dit is ook in ons belang dat ons hulle behou. Die een soort eie belang word dus verkies bo die ander een, en die hoofvraag is wat is die meeste in ons onmiddellike eiebelang. Ons moet stadigaan beweeg met die ontwikkeling van die Bantoe en met hul tuislande, want dit is nie in ons belang dat dit vinnig geskied nie. So word beweer. Waarop kom dit neer? Dit kom daarop neer dat persoonlike materiële voordele gestel word bo die toekomstige belange. Die toekoms van 'n volk word opgeoffer aan die kortstondige belange van individue. Wat die Bantoe betref, moet hulle verder apart gehou en ge-

isoleer wees in 'n blywende onderhorige posisie van onontwikkelde arbeiders; mense wat net soos ons Gods skepsels is en wat saam met ons uit „een bloed" is en soms saam met ons in Christus is, moet dus eintlik in 'n toestand van permanente slawerny gehou word. Dit is die konsekwensie van hierdie soort apartheid en isolasie.

Maar daar is ook 'n ander soort isolasie, wat hoewel dit goed bedoel mag wees, ook nie goedgekeur kan word nie. In hierdie geval word ontwikkeling en selfs 'n onafhanklike bestaan aan die Bantoe gegun, maar hulle moet ons nie verder lastig val nie. Ons wil ontslae wees van hulle. Hulle moet self oor die weg kom. Hulle is 'n gevaar vir ons en ons kinders, mens moet hulle goed behandel, maar verder moet daar 'n baie duidelike apartheidslyn wees. 'n Mens moet hulle op 'n afstand hou. 'n Vriendelike woord of woord van waardering of dank is nie nodig nie. Dit kan gesien word as 'n teken van swakheid. Daar bly altyd die onafbreekbare muur tussen hulle en ons.

'n Ander vorm van apartheid is om van die standpunt uit te gaan dat solank die Bantoe apart ontwikkel, baie vir hom gedoen kan word, maar dis nie nodig om hom hieroor te raadpleeg nie. Ons bou vir hom kerke, lê vir hom weë aan, sê waar hy moet bly en wat hy mag doen, en nie doen nie. Ons is die voogde en hulle die onmondige kinders. Hulle moet maar net dankbaar wees vir al die goeie dinge wat ons vir hulle doen. Ons weet alles, hulle niks nie.

Dit is 'n dodelike vorm van apartheid. Die grootste belediging wat 'n mens 'n medemens of volk kan aandoen, is om hom soos 'n minderwaardige te behandel wat selfs nie eens in sake van sy eie belang geraadpleeg hoef te word nie. Sodanige vrygewige hande word later gebyt.

Net so vernederend is dit as 'n mens nooit in sake van algemene belang geraadpleeg word of indien jou hulp nooit nodig geag word nie: „Die Bantoe kan ons wel help deur sy arbeid aan te bied, maar verder het ons sy raad en hulp nie nodig nie". Die boer of die nyweraar sal nooit daaraan dink om sy werknemers oor sy boerdery of nywerheid te raadpleeg nie. Hulle is bloot ratte in die masjinerie. Die politikus sal nie daaraan dink om die Bantoe oor die landsbeleid te raadpleeg of om sy hulp te verkry vir die uitvoering van die beleid van eiesoortige ontwikkeling nie.

**Apartheid sonder Isolasie:**

Wat moet nou teenoor dit alles die regte houding en optrede wees. Hiervoor, meen ons, het die onlangse Gereformeerde Ekumeniese Sinode in enkele baie treffende woorde die regte weg aangedui.

Die Sinode het erken dat elke rassegroep die reg behoort te hê om 'n sekere mate van eiesoortige ontwikkeling te verkies, maar nooit ten koste van 'n ander aparte rassegroep nie, en „terwyl die wyse waarop sulke ontwikkeling plaasvind van plek tot plek kan verskil is dit 'n vereiste van die Christelike etiek dat liefde en geregtigheid beoefen moet word en dat alle groepe afsondering (isolasie) moet vermy en 'n verhouding van wedersydse hulpvaardigheid bevorder".

Wat is nou besonder treffend in hierdie woorde?

Ons sien dit in die laaste sinsnede: alle groepe moet isolasie vermy en 'n verhouding van wedersydse hulpvaardigheid

bevorder. U moet maar elke woord onderstreep en noukeurig lees: isolasie vermy en 'n verhouding van wedersydse hulpvaardigheid bevorder. Ons apartheid kan wel deurgaan, maar dan nie heeltemal geisoleerd van mekaar nie. Daar moet 'n band wees wat ons aan mekaar verbind. Daar moet ook brugge gebou word en daar moet by ons sowel as die nie-blankes wedersydse hulpvaardigheid wees. Ons moet gewillig wees om hulle te help, maar hulle moet ook ons help en ons moet mekaar se hulp waardeer.

As dit gedoen word, is ons al baie naby 'n oplossing van ons rasseprobleme, wat grootliks 'n probleem is van menslike verhoudinge.

---

A.P.

# Gereformeerde sending in alle wêrelddele

Die *World Survey of Reformed Missions*, April 1968, gee 'n oorsig van, hoofsaaklik, sendingwerk wat beoog om spesifieke *gereformeerd* te wees in alle opsigte, in benadering, metode en doel. Dit blyk dat sendingwerk in hierdie gees gedoen word in 'n baie groot aantal velde verspreid oor byna alle wêrelddele.

Die *Survey* dek alle aspekte: die keuse van 'n veld en die faktore wat die keuse bepaal; die werwing, opleiding en toetsing van sendelinge en helpers en ander personeel; die aanvanklike verhouding en die geleidelike wysiging van die verhouding tussen die „moederkerk" en die sendingkerk; die verhouding tussen die sendingkerk en die betrokke landsowerheid; die metodes en die hulpmiddele (tegnies en andersins) wat aangewend word, skole en opleidingsentra; mediese dienste; klinieke en hospitale; pers en drukkery; Bybel- e.a. lektuurverspreiding; studie en gebruik van inheemse tale; ens.

Dit is interessant dat die radio op 22 velde gebruik word, waar televisie tot dusver nêrens in gebruik is nie.

In die geval van elke land word gemeld die faktore wat bevorderlik en die wat ongunstig is vir die verbreiding van die Evangelie. Onder die gunstige faktore word — treffend genoeg! — byna sonder uitsondering gemeld die inboorlinge se honger na die Evangelie. Ook byna sonder uitsondering is daar wettelike vryheid van godsdiens; by „wettelike" word egter soms gevoeg „en praktiese". In baie lande is armoede, agterlikheid en ongeletterdheid. In sommige gevalle ly die werk deur gebrek aan fondse; in heelwat gevalle kan die fondse, wat wel toereikend is, nie ten volle benut word nie, weens 'n tekort aan personeel.

Drie sendingrade het gerapporteer dat hulle die Evangelieverkondiging „in die diepte" doen. Die bevinding van al drie is dat hierdie metode meer doeltreffend is.

H.d.P.

# ,De roeping van de gemeente in een van het Evangelie vervreemde wereld'

Bostaande is die Nederlandse titel van 'n brosjure wat oorspronklik in Engels gepubliseer was as 'n verslag wat voor die Gereformeerde Ekumeniese Sinode gelê is. Daar is reeds voor die sinode-sitting 'n paar duisend hiervan versprei en 'n tweede druk was nodig.

**Woord en daad:**

Dit handel oor die roeping van die kerk om evangelisasie ter hand te neem en oor die verhouding tussen woord en daad in die sending- en evangelisasiewerk.

Wat die laaste betref, lui die verslag dat in beide woord en daad dit gaan om die Woord wat vlees geword het. Sonder die daad kan die Woord nie aan die woord kom sonder om misverstaan te word of sonder gevaar van versmalling van die evangelie nie, maar sonder die Woord kan die daad nie deursigtig word as die deurbreek van die Koninkryk nie. Woord en daad in diens van die Woord onlosmaaklik verbind, kom dan tot hulle reg as in die gemeente die waaragtige verlange leef om die adekwate antwoord te mag wees en dus te gee op die telkens weer in ander vorm verskynende nood van medemens en wêreld.

**Die roeping en die metode:**

Oor die roeping van die kerk en die manier van evangelisasie sê die verslag dat waar die gemeente openbaar word, die gestalte van Christus openbaar word en waar Hy verskyn, word ook die bedoeling van die Vader met die wêreld duidelik (Joh. 3 : 16, 20 : 21).

Wanneer Hy met woorde die evangelie van die Koninkryk gespreek het, wanneer Hy siekes genees het, toe Hy die lofsang gesing het en toe Hy gebid het, in heel sy verskyning op aarde was Hy in die wêreld om die bedoeling van God met mense en wêreld te openbaar en was Hy tegelyk die Eersteling, die eerste Mens in wie daardie plan van God met mens en wêreld tot sy bestemming gekom het.

Die gemeente moet homself afvra of dit „soos Hy" in die wêreld is — of die bedoeling van God met mens en wêreld in die gemeente duidelik word, of dit in verbondenheid aan sy Hoop en in gemeenskap onderling eersteling is, d.w.s. geen eksklusiewe geslote gemeenskap nie, maar of dit soos Hy as eersteling die wêreld saam wil hê in die aanbidding wat die Vader toekom.

Vir daardie doel het die Heilige Gees die lidmate met gawes toegerus; daarvoor het elkeen sy besondere gawe(s). Die vraag is of die gemeentes so ingerig is dat dit tot uitdrukking kom in diens van eerstelinge. Daar sal gesoek moet word na 'n struktuering van die gemeente waarin elke lid werklik sy plek in die liggaam (her-)vind, waarin die gawes van

elke lid werklik gewaardeer word as noodsaaklik tot welsyn van almal. Te lank wou die gemeente net mond van Christus wees, sonder om oog of hand of oor te wees. Vir sover die gemeente hand van Christus wou wees is die hand dikwels nie gevoel as die hand van Christus nie, maar as filantropie wat dan ook nog dikwels nie onbaatsugtig was nie.

Een van die oorsake waarom die mense afkerig word van die kerk is dat lidmate nie meer vreemdes in die wêreld is nie. Hulle is wel vir die wêreld vreemde verskynsels, maar origens is hulle ook maar van die wêreld. Die Christen moet solidêr met die wêreld wees maar ook 'n vreemde op aarde wees. Jesus was die groot vreemde in die wêreld juis omdat Hy waaragtig solidêr met die wêreld was; Hy was die vreemde omdat Hy die mense wou leer om hulle te her-oriënteer na wat mens-wees waarlik is. Hy was nie 'n geïsoleerde sonderling nie, maar die vreemdeling in solidariteit.

Dikwels is die gemeente alleen maar 'n geïsoleerde sonderling. Waarom sou die wêreld hom druk maak teenoor so 'n gemeente? Nodig is voortdurende oriëntasie na Jesus Christus toe.

Bostaande is slegs enkele grepe uit die voortreflike brosjure met sy prikkelende inhoud.

Dit is wenslik dat dit in Afrikaans vertaal word en oral versprei word.

---

# Nuusflitse

★ Prof. Hugo du Plessis het onlangs teruggekeer van Nederland waar hy 'n referaat voor die Sendingkonferensie in Baarn gehou het. Die Sendingkonferensie het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Nederland, voorafgegaan. Die voordrag het gegaan oor samewerking tussen Gereformeerde Kerke op sendinggebied. Daar was besondere betuiging van byval met die voordrag van afgevaardiges uit verskillende lande.

Prof. Du Plessis het ook die eerste paar dae van die sitting van die Ekumeniese Sinode as een van die adviseurs bygewoon.

Prof. J. L. Helberg, 'n afgevaardigde van die Gereformeerde Kerk na die Ekumeniese Sinode, het by die eerste sittingsdag van die sendingkonferensie as voorsitter opgetree. Prof. Helberg is verbonde aan die Teologiese Skool vir nieblankes op Hammanskraal.

★ Die eerste gemeente onder die Xhosas in die Ciskei-gebied is in Zwelitsha naby King Williamstown gestig. Namens die Sinodale Deputate vir die Sending het die skriba, dr. I. J. van der Walt, gelukwensinge en groete oorgebring. Ds. C. J. Malan, voorheen predikant van Oos-Londen, het ook by hierdie geleentheid opgetree. Die jong gemeente sal eersdaags oorgaan tot die beroeping van 'n predikant.

★ Die Departement van Bantoe-administrasie het op Hammanskraal 'n geskikte gebou geskenk vir 'n tehuis vir onversorgde wese onder die nie-blankes. Daar sal bydraes gevra word om die gebou op te knap.

H. B. van der Walt.

W. Hovy.

# Doop van honderde politieke gevangenes in Indonesië

Toe enige jare gelede deur 'n staatsgreep die diktator Sukarno in Indonesië tot 'n val gebring is, is duisende politieke gevangenes deur die regering op die eiland Musakambangan geïnterneer, waar 'n groot getal op rubberplantasies aan die werk gesit is.

Hier is hulle ook deur die kerke bearbei. Op verskillende plekke op die eiland word gereeld godsdiensoefening gehou, en een Gereformeerde predikant, Sjoekarno, besoek gereeld die rubberplantasies en bereik weekliks duisende mense. Daar het ook 'n merkwaardige geestelike opwekking onder hulle plaasgevind; die sekretaris van die Indonesiese Bybelgenootskap praat van 'n geestelike rewolusie. Sedert 1965 het 100,000 inlanders aangesluit by die Christelike kerke, in 1967 is 164 gedoop, terwyl 200 gevra het om gedoop te word.

Nederland stuur tans drie predikante uit, wat in die sendingssentrum in Baarn voorberei is, terwyl 12 studente aldaar hulle verder vir die arbeid voorberei.

Buite die politieke gevangenes is daar ook 'n groot getal misdadigers, wat ook deur die sending bearbei word.

Terwyl die staatsgreep 'n end gemaak het aan die mag van Sukarno, met wie die Chinese Kommuniste gemene saak gemaak het, het die belyers van die Islam grotendeels bygedra tot die oorwinning van die teenwoordige regering. Die Mohammedane sien egter met lede oë aan hoe die Christendom met rasse skrede vooruitgaan.

Op die eiland Cedebes, waar 'n groot aantal Christene woon, het die verhouding tussen Islam en Christendom baie vesleg in die laaste tyd. Hier is 'n groot agitasie op tou gesit om die plaaslike regering deur 'n Islamitiese te vervang. Op 1 Oktober van die jaar is 'n aanval gedoen op Christenkerke, waarby 15 Protestantse kerke en ook Rooms Katolieke kerke en pastorieë geplunder en grotendeels verwoes is en groot skade aangerig is. Die groot Christelike hospitaal in Makassar, in watter stad daar 600,000 inwoners is, waarvan 100,000 Christene, het gelukkig geen skade gely nie.

Hierdie aangeleentheid het 'n groot skok veroorsaak deur die hele land. By die totstandkoming van die republiek Indonesië is as voorwaarde gestel: algehele godsdiensvryheid. Deur die Nederlandse Sendingsraad en die Indonesiese kerke word tans alle poginge aangewend om die skade te herstel, waarby gelukkig geen menselewens te betreur is nie.

## SENDINGWERK VAN DIE CHRISTELIK-GEREFORMEERDE KERK IN AMERIKA

Die Christelik-Gereformeerde Kerk in Amerika, wat self sy eie skole en universiteitskollege sonder hulp van die staat moet onderhou, het ook 'n uitgebreide sendingwerk in verskillende lande. Die kerk doen sending in die volgende lande:

Japan, Korea, Taiwan (Formosa), Nigerië, Mexico, Argentinië, Brasilië, Australië, Ceylon, Nieu-Zeeland, Fillipyne, Cuba, V.S.A.

P. G. Geertsema.

# 'n Ekumeniese Sendingkonferensie

Dit was 'n groot voorreg om die Sendingkonferensie te Baarn, Nederland, van 5 tot 9 Augustus as besoeker te kon bywoon. Dit is belê deur die sendingkomitee van die Geref. Ekumeniese Sinode en was die eerste van sy soort. Die vergaderings het in 'n doeltreffende gebou van die Geref. Kerk van Baarn plaasgevind, terwyl die afgevaardigdes in die welbekende „Zendingscentrum" tuis was. Die puik organisasie is behartig deur ds. A. Vos, direkteur van die „Zendingscentrum" en sy personeel, in samewerking met die permanente sekretaris van die G.E.S., dr. P. Schrotenboer.

**Deelnemers:**

Die konferensie is bygewoon deur 40 afgevaardigdes en 'n aantal waarnemers wat van 23 kerke van Geref. belydenis uit 15 lande en 6 wêrelddele afkomstig was. Behalwe Suid-Afrika was lande soos Japan, Argentinië, Nieu-Zeeland, die V.S.A., Indonesië en Nigerië verteenwoordig. 'n Mens het dadelik aangevoel dat daar 'n eenheidsband van geloof tussen die aanwesiges bestaan het, wat verskille in nasionaliteit en taal van sekundêre belang gemaak het. In die pragtige bosryke omgewing van Baarn was daar alle geleentheid vir diepgaande besinning oor die lesings wat aangebied is, maar ook vir rustige onderlinge gesprekke „van hart tot hart".

**Openingsrede:**

In sy openingstoespraak het ds. J. P. Galbraith van die Orthodox Presbyterian Church (V.S.A.), die voorsitter van die sendingkomitee, daarop gewys dat die mens van hierdie eeu die gawes wat hy van God ontvang het, nie gebruik om Hom, sy Skepper, daardeur te eer nie. Hy erken God nie eers nie. Slegs ongeveer een-derde van vandag se wêreldbevolking is offisieel Christene; die orige tweederdes glo nie in God soos Hy Homself in sy Woord bekend gemaak het nie. Daarby moet nog 'n ander ontstellende feit gevoeg word: die wêreldbevolking groei met ongeveer 60 miljoen per jaar, terwyl die getal Christene met slegs 2½ miljoen per jaar vermeerder. Baie van hulle wat hulself Christene noem, aanvaar die Bybel nie meer as God se onfeilbare Woord nie.

**Groot taak:**

In die lig van hierdie feite staan die kerke voor 'n geweldige taak. Gelukkig is daar nog steeds baie moontlikhede vir die verkondiging van die evangelie. Van ons word verwag om die Woord van die lewende God op allerlei maniere te verkondig: deur die direkte prediking, deur die verspreiding van geskikte literatuur en deur, waar moontlik, gebruik te maak van die radio.

Uit die slot van sy rede haal ek die volgende paragraaf aan: „Waar ons ons

voorberei om te evangeliseer, moet ons dit doen met die wete dat Christus ons verseker het: Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie (Openb. 3 : 8), en dat alle mag in hemel en op aarde aan Hom behoort wat ons stuur (Matth. 28 : 18). En wanneer ons gaan, sal ons dit doen met sy belofte dat Hy al die dae met ons sal wees (Matth. 28 : 20), terwyl ons onthou dat ‚Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is' " (1 Joh. 4 : 4).

Dit was 'n besielende toespraak wat die deelnemers indirek voorberei het vir die studie wat vir hulle daarna gewag het.

**Tema en lesings:**

Alle lesings is gehou onder die sentrale tema „Die Christelike Boodskap aan 'n veranderende Wêreld". Hierdie artikel sou heeltemal te lank word as ek sou probeer om ook maar 'n opsomming te gee van die sewe lesings wat gedurende die week voorgedra is. Miskien kan die verskillende onderwerpe (of sommige daarvan) in afsonderlike artikels by 'n later geleentheid in hierdie blad bespreek word. Daarom volstaan ek met die vermelding van die referente en hulle onderwerpe:

Prof. S. Yoshioka (Japan), Die doel van die sending; Ds. P. E. S. Smith (Suid-Afrika), Die evangeliserende kerk te midde van groeiende sekularisme; Prof. D. C. Mulder (Nederland), Wêreldsending en sinkretisme; Ds. W. Deenik (Australië), Ekumenisme in evangelisasie; Dr. M. L. Young (V.S.A.), Die inheemse kerk en buitelandse sending; Ds. R. Recker (Nigerië), Die sendingprogram van die kerk; Prof. H. du Plessis (Suid-Afrika), Die konsolidasie van die Geref. sending.

**Stywe program:**

Soos u aan die titels kan sien, het die teenwoordiges geen swak of afgewaterde geestelike voedsel ontvang nie! Elke lesing het van diepgaande studie getuig en het heelwat stof gegee vir die groepbesprekings wat daarop gevolg het. Na die tweede dag, d.w.s. na die vierde lesing, het van die afgevaardigdes al begin kla dat vir hulle darem nou te veel van die goeie in 'n kort tydjie aangebied word! Wanneer die organiseerders vir die volgende konferensie beplan (D.V. in 1972 of 1973), sal hulle seker daarmee rekening hou.

Die sekretaris het die konferensie afgesluit met 'n passende woord oor die onderwerp „Sending en Voleinding". Sy toespraak, asook die ander wat hierbo genoem is, sal in die Oktober-uitgawe van die „International Reformed Bulletin" gepubliseer word.

So het ons weer vertrek, geestelik versterk deur wat ons saam gehoor en saam bespreek het: na die oorvol stede van Japan, na die uitgestrekte Argentinië, na die diep-groen heuwels van Nieu-Zeeland en na die goudgeel grasvlaktes van die Afrikaanse vasteland, almal geïnspireer om ons met vernude kragte te wy aan die heerlike taak wat ons van Jesus Christus ontvang het. Hy wat ons geroep het, sal ons op sy tyd en op sy wyse seën. Op ons rus die taak om, elkeen in sy eie omgewing, te help bou aan die koninkryk van God wat reeds hier op aarde is en wat eenmaal in volle heerlikheid gesien sal word.

*(Bogenoemde Bulletin sal verkrygbaar wees by dr. I. J. van der Walt, Molenstraat 21, Potchefstroom, teen ongeveer 80 sent — Red.)*

J. A. van Rooy, Sibasa.

# Op weg na kerklike eenheid in Afrika

Peter Bolink: „Towards Church Union in Zambia" (Franeker — Wever, soos by daardie uitgewers gebruiklik, ongedateerd, maar die boek het in 1967 verskyn).

**'n Mooi boek:**

Die kerklike eenwordingsproses wat in lande soos Indië, Kanada en Australië reeds ver gevorder het, het in Suid-Afrika nog grootliks aan die kerke verbygegaan. Selfs die minder konserwatiewe, Engelssprekende kerke openbaar weinig entoesiasme vir samesmelting. Dit sal egter seker slegs 'n kwessie van tyd wees voordat hierdie vloedgolf ook Suid-Afrika tref. Met die oog hierop sal dit interessant wees om ingelig te word oor hoe hierdie samesmeltingsproses in ander dele van Suidelike Afrika verloop het. Zambia is op die oomblik nog die enigste voorbeeld van organiese kerklike eenwording van uiteenlopende denominasies in Suidelike Afrika, want in 1965 het Presbiteriane, Kongregasionaliste en Metodiste daar saam die „United Church of Zambia" gevorm.

Op 'n treffende wyse volg dr. Bolink die gang na eenwording in hierdie kerke, vanaf die vroegste voortrekkers van die sending na 1840 tot die hede. Dit het 'n mooi boek geword. Dit is duidelik dat die skrywer sy stof goed beheers en dat niemand wat belangstel in die geskiedenis van die kerk en die sending in Sentraal-Afrika dit kan bekostig om hierdie boek ongelees te laat nie.

Die boeiendste deel van die boek is miskien die eerste deel, omdat die pioniersgeskiedenis van die sending gewoonlik uiteraard die mees romantiese en aangrypende deel daarvan is. 'n Mens raak altyd weer meegesleep as jy teruggevoer word na die geboortetydperk van die sending in Malawi, Barotseland, Noord-Rhodesië, die Koperstreek, waar reuse soos Livingstone en sy tydgenote weer herlewe in die bladsye van die boek.

Die res van die boek is 'n deeglik gedokumenteerde weergawe van die jonger geskiedenis. Ook dit is interessant, maar dit kon dalk interessanter gewees het as die skrywer ietwat minder feite en 'n bietjie meer interpretasie van die feite en beoordeling daarvan gegee het. Ons dink bv. aan die breedvoerige besprekings in Hfst. XV van die onderhandelings met die P.E.M.S. Kommentaar en interpretasie is per slot van rekening wat geskiedskrywing van kroniekskrywing onderskei.

As bv. genoem word dat oorspronklik die drang na eenwording van die sendelinge uitgegaan het en nie van die Bantoekerke nie — anders as wat 'n mens sou verwag, maar tog 'n redelike algemene verskynsel — dan sou 'n mens graag wou hoor waarom dit so is.

Die motiewe vir eenwording, wat m.i. baie belangrik is, word net hier en daar heel terloops aangeroer, behalwe in die Epiloog waar dit in een bladsy afgehandel word. Die benadering bv. van Van den Berg in sy boek „Constrained by Jesus'

Love", waar die geskiedenis vanuit die gesigspunt van neigings en strekkings interpreteer word, sou baie interessanter resultate opgelewer het.

Moontlik het die skrywer doelbewus 'n kritiese instelling, hetsy positief, hetsy negatief, probeer vermy. Dit is duidelik dat hy baie ironies ingestel is. Moontlik het hy hom ten doel gestel om net die feite op 'n boeiende en deeglik verantwoorde manier weer te gee. Hierin het hy wel geslaag, en 'n uiters waardevolle historiese dokument gelewer. Persoonlik is ek egter jammer dat hy nie meer as feite wou gee nie.

Graag sou 'n mens ook so 'n ietsie meer wou hoor van die rol van die ander sendinge in Zambia, wat numeriek veel sterker is as die „United Church".

'n Paar interessante opmerkings het ons getref. Op bladsy 388 wys dr. Bolink op 'n opmerking van Hendrik Kraemer wat ons hier wil aanhaal vir ons eie sendingaksie om tog maar ter harte te neem, omdat ons gevaar loop om te dink dat 'n kerk heel ver gevorder het as hy die formele aspekte van kerkwees onder die knie begin kry. Kraemer sê, „To play church is easy, and to take on the forms of church life together with its whole apparatus of Synod, Presbiteries and Concistories even more so. But the danger is very real that people will content themselves with that and so cause irreparable harm. This danger is the more threatening, because so few are yet aware of it" (Uit: „From Mission Filed to Independent Church").

Interessant is die bespreking van die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Niceanum as „onvoldoende" uitdrukkings van die geloof — 'n tema wat op bladsy 406 verder gevoer word wanneer aangetoon word hoe apologetiese elemente wat op die animisties-georiënteerde Bantoe betrekking het, in die belydenis van die verenigde kerk opgeneem is.

Op bladsy 405 word een van die kernprobleme aangedui in toekomstige kerklike eenwording, wanneer nl. genoem word dat die Anglikane openlik erken het dat sekere leerstellings wat, soos hulle self erken, duidelik in die Skrif geleer word (bv. die ewige verdoemenis), vir hulle onaanvaarbaar is. Wanneer die Skrif welbewus weerspreek word, waar gaan 'n basis vir eenheid gevind word? Ja, kan daar selfs van eenheid sprake wees? Moet daar in so 'n geval nog na organisatoriese eenheid gesoek word? Ons sou graag wou sien dat die skrywer in hierdie uitnemende boek van hom hom duideliker oor hierdie punt uitgespreek het.

Maar lees maar die boek. U sal nie spyt wees nie.

---

★ Op die Klassis Suidwes-Afrika (blanke) is 'n aansoek van 'n helper (nieblanke) behandel waarin hy vra om toegelaat te word as predikant onder art. 8 K.O.

Aangesien daar 'n selfstandige nieblanke kerkverband is, is die helper versoek om daar aansoek te doen om predikant te word.

★ Ds. G. L. Kruger is verlede Sondag losgemaak van die gemeente Benoni. Hy word aanstaande Saterdag deur ds. G. H. J. Kruger wat saam met hom die gemeente Benoni bedien het, in gemeente Rustenburg-Noord bevestig. Ds. G. L. Kruger was voorheen gedeeltelik met sendingwerk op Benoni belas.

# Christelike kerkdienste in Ethiopië

Die Gereformeerde leërpredikant, ds. J. H. Sillevis Smitt is namens die Nederlandse Sendingsraad na Ethiopië uitgestuur om die verspreidwonende Nederlanders, wat aldaar in suikerfabrieke werksaam is, te besoek en vir hulle kerkdienste te hou. Die Sendingraad is interkerklik, en die Nederlanders in die land behoort aan verskillende kerkgenootskappe, ook Rooms-Katolieke.

Op Kersdag het sy eerw. in die saal van die Wonje-suikerfabriek diens gehou vir al die Hollanders, waarby die Skriflesing deur die fabrieksbestuurder waargeneem is, en later deur die Roomse priester aan sy geloofsgenote die mis bedien is. Die diens is opgeluister deur 'n kerkkoor, waaraan sowel kerklidmate as buitekerklikes deelgeneem het. Ds. Smitt het 'n maand in die land gebly en op verskeie plekke godsdiensoefening gehou en katkisasielesse gegee. Hy verklaar dat hy met groot seën gearbei het en dat in besondere mate die eenheid van die gelowiges in Christus so sterk op die voorgrond getree het. Hy het by baie lidmate en ook buitekerklike mense huisbesoek gedoen en gevind dat daar 'n hartlike gees van samewerking tussen die mense bestaan. Omtrent die oorspronklike bewoners van die land weet ons, dat die kamerling van Kandasé, die koningin van die Ethiopeërs, volgens Hand. 8 die eerste man uit Afrika was, wat met die evangelie bekend geword het. In die 4de eeu n.C. is die evangelie algemeen verbreid onder die Amhare, die vernaamste stam, wat ook die stigters van die keiserryk gewees het, en waartoe ook Haile Selassi behoort.

Terwyl in die 8ste eeu die Islam in Egipte, Somaliland en die hele noordkus van Afrika vaste voet gekry en die Christendom verdring het, het die Koptiese Christelike kerk in Abessinië of Ethiopië hom gehandhaaf tot vandag, hoewel daar in die verloop van jare baie bygeloof en ook die Mariadiens ingesluip het. Die onwetendheid onder priesters, sowel as onder gewone lidmate is groot, en derhalwe het Haile Selassi 'n Teologiese Seminarium opgerig, waar die voorgangers in die suiwere leer van die Bybel opgelei word.

Alhoewel Haile Selassi baie doen tot opheffing van die geestelike behoeftes van sy volk, ook op kerklike gebied, betreur ons dit dat hy op politieke gebied so 'n vyandige houding teenoor ons land inneem. Dit was die Suid-Afrikaanse troepe wat die land van die Italiaanse oorheersing verlos het, sodat hy weer sy troon kon bestyg. En tans is hy die groot leier van die Al-Afrikaanse beweging, wat so fel die blanke beheer, ook in Suid-Afrika, bestry. Hy beweer verder, dat hy afstammeling is van koning Salomo en die koningin van Sheba, wat hoogs twyfelagtig is, en derhalwe die titel aanneem van „Leeu van Juda". Hiervoor beroep hy hom op Gen. 49 : 9, waar Juda 'n jong leeu genoem is. Maar in Openbaring 5 : 5, slaan dit heel duidelik op Jesus Christus, wat as Seun van Dawid die Satan oorwin het, en geen mens het die reg om hom die titel toe te eien nie.

Dr. I. J. van der Walt.

# Sendingwetenskaplike kongres

Op 25 Januarie vanjaar is die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap in Pretoria gestig.

Die doel van hierdie vereniging is die bevordering van navorsing op die gebied van die Sendingwetenskap.

Besluit is om jaarliks die referate van elke kongres te publiseer en wel onder die reeks-titel „Lux Mundi", (die Lig van die Wêreld).

Vanjaar se reeks verskyn onder die subtitel: „Sendingwetenskap Vandag".

Volgende jaar verskuif die samekoms D.V. na Potchefstroom vanaf 28 Januarie (aand) tot 30 Januarie 1969.

Die tema van die kongres sal wees „Kommunikasie as probleem in die Sending".

Die volgende referate sal voor die kongres gelewer word:

**1. Kommunikasie en die sosiaal-religieuse strukture van die Bantoe-maatskappy:**

Referent: Prof. dr. J. H. Coetzee, Potchefstroom. Hierdie referaat sal handel oor die wêreld waaruit die Bantoe kom: die fundamentele tradisionele opvattings wat by hulle aanwesig is; hulle beskouinge oor God, die mens, en dood, die filosofie van krag en krag wat op krag inwerk.

Hierdie referaat dien dan feitlik as uitgangspunt vir die feitelike implementering van die gegewens wat verder voor die kongres moet dien.

Dit gaan uiteraard nie om die volkekundige feite as sodanig nie maar om die betekenis daarvan vir kommunikasie.

Van belang is hierby ook die kommunikasie in die tradisionele godsdiensbelewing nl. hoe geskied kommunikasie by die Bantoegodsdiens self.

**2. Kommunikasie en taal:**

Referent: Ds. J. A. van Rooy. Hier gaan dit spesifiek om die een bepaalde aspek, miskien die belangrikste: die taal.

Soos begryp kan word, gaan dit nie net om die gebruik van die Bantoetaal as spreektaal nie maar veral die probleme rondom die vertaling van die kernbegrippe volgens die Bybel nl. begrippe soos geregtigheid, liefde, genade, God, ens.

Ds. Koos van Rooy, wat hierdie referaat sal lewer, is uit hoofde van sy buitengewone begaafdheid om die Bantoetale te beheers, uitnemend geskik vir hierdie taak. Hy is tewens besig met doktorale studie oor hierdie saak.

**3. Kommunikasie en tegniese hulpmiddele:**

Referent: Ds. A. S. Labuschagne. Hiermee kom ons op 'n ewe-belangrike terrein. Die kerk kom meer en meer voor die moontlike gebruikmaking van tegniese hulpmiddele te staan. Soos die gebruik hiervan toeneem, neem egter ook die probleme toe.

Die bedoeling is dat die bespreking hiervan nie moet verloop in pragmatistie-

se puntjies, maar werklike teologiese besinning sal wees.

Die bespreking hiervan sal uit die aard van die saak uitkom by interessante en belangrike aspekte, soos bv. die sukses van hierdie metode.

Ds. Labuschagne is verbonde aan Mema (Moderne Evangelisasiemiddele vir Afrika) en dus goed vertroud wat die terrein betref.

**4. Die Westerse Kerk as kommunikasiemiddel:**

Referent: Prof. dr. W. J. van der Merwe (Teologiese Skool, Stellenbosch).

Dit gaan hier om die sendeling self. Hy is kommunikasiemiddel maar terselfdertyd hindernis en struikelblok van baie dinge: gebrek aan talekennis, temperament, meerderwaardigheidsgevoel t.o.v. die Westerse kerk, ens.

Hierby kom nog die kommunikasie vanweë blanke Christene self: Paulus sê dat ons sy briewe is. Dit sou hier ook gaan om die rol wat die lede van die Christelike kerk self stel.

**5. Die betekenis en rol van die inheemse kerk in die kommunikasie-proses:**

Referent: Ds. F. S. Malan (sendeling van Johannesburg).

Hierdie referaat sal nou aansluit by die vorige. Wat hier onder die soeklig sal kom, is die ampte in die kerk nl. hoe doeltreffend dit funksioneer. 'n Belangrike vraag sou wees: is die prediking van die inheemse predikante aktueel, besield? Gaan dit by hulle net om die geld wat hulle verdien? Van ewe groot belang is die eiesoortige karakter van die kerk. Watter mate moet die oorsaak van die sinkretisme en veral die separatisme gesoek word by die inheemse kerk self.

Dit is seker duidelik dat hierdie afsluitende referaat die sluitsteen sal wees op die besprekinge waar dit uiteindelik, wat die kerk betref, gaan om die jong kerk self.

Potchefstroom sien uit na die kongres. Dit sal 'n eer en voorreg wees om die Sendingwetenskaplikes gedurende die eeufeesjaar van ons Universiteit en Teologiese Skool hier te ontvang.

Die inhoud van die referate sal seker nie teleurstel nie.

Ons sien daarna uit om te leer.

Die eerste uitgawe van „Lux Mundi" sal eersdaags verskyn. Daarin sal voorkom die referate wat met die stigtingsvergadering gelewer is deur dr. D. Bosch, dr. J. A. van Wyk, prof. G. C. Oosthuizen, prof. H. du Plessis, dr. J. J. F. Durand en dr. D. Crafford.

---

★ Die Klassis Ditšobotla (Lichtenburg) het op 2 Oktober op Swartruggens vergader. Die moderamen het bestaan uit: ds. D. V. Mahole (voorsitter), ds. J. G. Moseki (vise-voorsitter), ouderlinge M. J. Moapari (skriba) en W. Mohlanka (adjunk-skriba).

Op die vergadering is verslae ingedien van die gemeentes Delareyville en Migdol.

★ Op die Klassis wat op Ventersdorp gehou is, het 'n rapport oor die groei van die sendingkerk, gedien. Die blanke Klassis van Potchefstroom het verlede maand besluit om 'n aansienlike bedrag te gee vir sendingwerk onder die Tswanabevolking van Taung-reservaat. Die sendingwerk het in dié gebied baie uitgebrei.

vir betroubare werk
in staalkonstruksies ...

raadpleeg:

# BAKKER & GRIFFIOEN



Kantoor en fabriek van staal, steen en beton, Industria – ontwerp en opgerig deur B & G.



Kantoor en fabriek, Spartan, Kempton Park.



Garage, Klerksdorp



Fabrieksgebou, Steeledale.



Gebouekompleks vir Hebel-Gasbeton, Roodepoort.

## BAKKER & GRIFFIOEN (EDMS.) BPK.

*Ontwerpers Vervaardigers en Oprigters van Staalkonstruksies*

**POSBUS 17, INDUSTRIA, TRANSVAAL**

**Tel. 27-4121, Johannesburg. Tel. ad: „BAKGRIF"**

BG 1472

**Collection Number:** AD2533

**Collection Name:** South African Institute of Race Relations, Collection of publications, 1932-1979

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.